**KOSRUBRIEK**
RAAK KREATIEF MET WATERBOK-MAALVLEIS



**BOOGJAG**
HOE GESOND IS DIE BOOG-JAGBEDRYF?



**HUNTING TECHNIQUES**
HUNTING THE SPIRAL-HORNED ANTELOPE WITH OPEN SIGHTS



Die tydskrif vir die jagter en bewaarder/The magazine for the hunter and conservationist

# JAGTER
SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN
# HUNTER




**CLASSIC FIREARMS**
## THE BRITISH SHOTGUN – REVERED FOR A REASON

**DANGEROUS-GAME HUNTING**
## A PROMISE OF THE LION KIND... 40 YEARS ON

**CUSTOM RIFLES**
## A SPECIAL RIFLE FOR SPECIAL OCCASIONS

## HUNTING A MAGNIFICENT SABLE IN THE LIMPOPO VALLEY

**JAGVERHAAL**
## 'N ANDER SOORT LEEUJAG

**VOËLJAG**
## SUKSES OP DIE SPRING-BOKVLAKTE

# .300 HOLLAND & HOLLAND – PRINS VAN DIE "DRIEHONDERDS"

UITGAWE • EDITION
NOVEMBER/DESEMBER 2021

NO. 12173
RSA R70.00
(BTW INGESLUIT)
NAMIBIË N$70.00

12173
9 770259 935002

THE LATEST INNOVATIVE TECHNOLOGY FROM

# RCBS®



## CHARGEMASTER LINK

### AMERICAN-MADE, PRECISION RELOADING

- Bluetooth-compatible w/free app
- 0.1-grain accuracy
- 1500-grain capacity
- Ability to run on external battery pack
- 16-segment LCD touchscreen display
- CE-approved 4 Country Universal power supply
- Quick warm-up period
- Sealed platen to keep powder out
- User-serviceable infinite life shaft seals
- Optimal dispense tube angle for speed and accuracy
- Ability to disable audible beeps
- Overcharge warning – flashing screen

FORMALITO
OUTDOOR SPORTING BRANDS

Available at all premium dealers countrywide.
www.formalito.co.za | tel: +27 (12) 664 - 7793/4

# JAGTER HUNTER

SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN

**WEBTUISTE**
**www.sajagterhunter.com**

**ALGEMENE NAVRAE**
**072-700-9147 (kantoorure)**

## REDAKSIE

**REDAKTEUR:** Johan van Wyk
Johan.vanWyk@media24.com
johan@sahunter.org
**PRODUKSIEREDAKTEUR:** Elfriede Ainslie
(Taalversorging)
elfriede@sahunter.org
**SUBREDAKTEUR:** Marisa Beeton
(Taalversorging, webblad en sosiale media)
marisa@sahunter.org
Marisa.Beeton@media24.com
**KOS-SUBREDAKTEUR:** Karla Janse van Vuuren
**UITLEG EN ONTWERP:** Marthie van Dyk
marthie@sahunter.org
Marthie.vanDyk@media24.com
**KANTOORBESTUURDER:**
Maphuti Mongatane (Navrae/Administrasie)
Maphuti.Mongatane@media24.com
Tel: 012-485-9382 Faks: 086-535-4058
**MEDEWERKERS:**
Herman Jonker
Francois van Emmenes
Cassie Nienaber
Prof. Brian Reilly
Pierre van der Walt

## ADVERTENSIES

**BESIGHEIDSBESTUURDER:**
Dirk Lamprecht
Dirk.Lamprecht@media24.com
**ADVERTENSIEKONSULTANT:**
Jacques Boshoff Tel: 012-485-9357/079-528-8793
Jacques.Boshoff@media24.com

## NAVRAE EN INLIGTING

**INTEKENARE:**
Tel: 087-353-1300/Faks: 086-296-6681
SMS: 32361
E-pos: subs@media24.com
**SAJWV-LEDE:** Michel Schoeman
Tel: 012-808-9300/E-pos: michel@sahunt.co.za
**RAKVERKOPE:** Armand Kasselman
Tel: 021-503-7164
E-pos: armand.kasselman@onthedot.co.za

**MEDIA24** WEEKLIKSE TYDSKRIFTE
**HOOFBESTUURDER:** Minette Ferreira
**UITGEWER:** Theuns Venter
**ADMINISTRASIE:** Johan Terblanche
**SIRKULASIEHOOF:** Johan Sadie
**KATEGORIEBESTUURDER SIRKULASIE:**
Armand Kasselman
**INTEKENARE:** Elmarie Eygelaar
**HOOF MEDIA24-TYDSKRIFTE:** Ishmet Davidson
**HOOF FINANSIES-TYDSKRIFTE:** Jameelah Conway

**DRUKKER:**
Novus Print, 10 Freedom Way,
Marconi Beam, Milnerton, 7441.

**UITGEGEE & VERSPREI:**
Media24 (Reg. no. 05/038385/06),
Heerengracht 40, Posbus 2271,
Kaapstad, 8000



© Kopiereg *SA JAGTER/HUNTER.* Alle regte voorbehou. Menings van medewerkers, rubiekskrywers en korrespondente word nie noodwendig deur SA JAGTER/HUNTER onderskryf nie. Die redakteur behou die reg om artikels en briewe te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen aanspreeklikheid vir die inhoud van advertensies nie.

SA JAGTER/HUNTER ruil nie advertensiespasie of gunstige redaksionele verslae oor produkte en/of jagbestemmings vir gratis jagte of produkte nie.


NOVEMBER/DESEMBER 2021

# INHOUD




**VOORBLAD:**
'n Oorspronklike Holland & Holland-geweer in .300 H&H Magnum wat in die 1990's vir 'n Franse sakeman vervaardig is.
**FOTO:** Thinus Wolmarans

## RUBRIEKE


4 PADLANGS

6 SNELVUUR

7 KOMPETISIE

8 DOOIERUS – HOOP VIR ONS KINDERS

42 RAAK KREATIEF MET WATERBOKMAALVLEIS

48 BOKSPOG

59 NATUURFLITS – KOEDOE


## SAJWV


**46 SAFARI OUTDOOR/ SAJWV SE NASIONALE INTERTAK-SPAN- EN PRESIDENTSKIET-KOMPETISIE 2021**


## PRODUKTOETS


**40 BEWERK JOU EIE VLEIS MAKLIK EN GOEDKOOP**
Niks proe so lekker soos jou eie bewerkte vleis nie.
JACQUES BOSHOFF

**70 CRYSTAL CLARITY FROM KAHLES**
Top-quality optics from Austria that stand out from the crowd.
JOHAN VAN WYK


## ARTIKELS


**10 DIE .300 HOLLAND & HOLLAND – PRINS VAN DIE "DRIEHONDERDS"**
"Vir my en duisende ander .300 H&H-eienaars is die nostalgie wat dié veelsydige kaliber omgewe voldoende rede om dit tot die dood te verdedig."
FRANCOIS VAN EMMENES

**16 THE BRITISH SHOTGUN – REVERED FOR A REASON**
Few things in life come close to spending a day in the field with a good British shotgun.
JOHAN VAN WYK

**22 'N ANDER SOORT LEEUJAG**
Die droewige einde van 'n leeumannetjie bied stof tot diep nadenke.
NICO SWART

**26 SUKSES OP DIE SPRINGBOKVLAKTE**
Die Springbokvlakte se boere wéét hoe om 'n goeie voëljag aan te bied!
FRANCOIS JURGENS

**30 HOE GESOND IS DIE BOOGJAGBEDRYF?**
Boogjag is gewis nie meer so gewild in Suid-Afrika as tien jaar gelede nie.
REAN STEENKAMP

**34 HUNTING A MAGNIFICENT SABLE IN THE LIMPOPO VALLEY**
Hunting one of nature's most regal antelope is a privilege indeed.
NICO KOTZE

**50 A PROMISE OF THE LION KIND... 40 YEARS ON**
Sometimes persistence, mixed with high adventure, pays off.
GEOFF WAINWRIGHT

**54 HUNTING THE SPIRAL-HORNED ANTELOPE WITH OPEN SIGHTS**
When to take the shot, and when not to, becomes significantly more important when using open sights.
DANIE GROBLER

**60 SUS SKIET 'N WILDEMAKOU**
Stap vir stap word 'n voëljagter gebore.
KOBUS DE KOCK

**66 A SPECIAL RIFLE FOR SPECIAL OCCASIONS**
A one-off rifle to be remembered
PIERRE VAN DER WALT


## SHOOTING EQUIPMENT


**64 BIPODS BY ACCU-TAC**
A handy accessory to help you hit your target
JOHAN VAN WYK



# OM DIE EINDE VAN DIE JAAR IN DIE OË TE KYK

JOHAN VAN WYK

Die jaar 2021 was, net soos sy voorganger, een wat om baie redes onthou (of is dit dalk vergeet?) sal word. Die virus waarteen ons nou al bykans twee jaar baklei, het weereens alte gereeld opgeduik en nie net lewens nie, maar ook besighede en reisplanne deurmekaargekrap. Deur dit alles moes ons ook jagplanne maak, aanpas, en soms nóg 'n keer aanpas. Met die einde van 2021 wat ons in die gesig staar, wonder ek onwillekeurig wat alles in 2022 op ons wag.

Aan politiek steur ek my min – daar is immers baie ander, aangenamer dinge om aan te dink en tyd aan te bestee. Die voorgestelde wysigings aan die Wet op Beheer van Vuurwapens is egter waarskynlik een van die slange wat weer in 2022 kop sal probeer uitsteek. Ek kan net hoop dat logika sal seëvier en dat hierdie netelige aangeleentheid wat almal van ons as jagters en vuurwapeneienaars baie naby aan die hart lê, koelkop beredeneer en hanteer sal word.

Hier by die tydskrif was 2021 vir ons sommer lekker besig ten spyte van die siklus van agt tydskrifte per jaar in plaas van twaalf. Min mense besef dit, maar soos een van ons kollegas onlangs tereg opgemerk het, daar is bykans nooit nié iets wat ons aandag verg of gedoen moet word nie! Met die tydskrif wat nou 76 bladsye is in stede van 68 soos voorheen, het ons lesers ook nou meer om na uit te sien in elke uitgawe. Ons sal in 2022 voortgaan om leesstof en vermaak van topgehalte aan julle te voorsien. Wees verseker dat ons innig dankbaar is vir elke leser van SA JAGTER/HUNTER!

Wat skietsake betref, was ek bevoorreg om die laaste maand of wat aan 'n paar skietkompetisies te kon deelneem. Dit was opmerklik dat daar telkens 'n gees van opgewondenheid en entoesiasme onder die deelnemers, oud en jonk, geheers het. Sportskiet is voorwaar in goeie hande in Suid-Afrika danksy organisasies soos SA Jagters.

Met die feesseisoen wat op hande is en die gebruiklike toestroming van verkeer na verskillende vakansiebestemmings, wens ek julle graag 'n geseënde Kersfees toe. My wens is dat julle saam met jul gesinne en ander geliefdes ook 'n behoorlike ruskans in hierdie tyd sal kry.

Volgende jaar met sy uitdagings lê vir ons voor, maar ek is seker ons sal mekaar eersdaags weer om die kampvuur ontmoet!

Soos altyd, wees veilig!

J.v.W



# UNMATCHED. UNEQUALLED. UNRIVALLED.




## NORDISKE SERIES 8 4-32X56

**Uncompromising performance and reliability in the toughest of terrains.**

- ED Glass
- Fully multicoated lenses
- 4-32x Zoom
- 56 mm Objective
- 34 mm Body tube for superior strength and maximum adjustment range
- Side parallax adjustment
- Target turrets with ¼-minute adjustment
- Flip-up covers included
- Fast-focus eyepiece
- Wide magnification range – 8x zoom
- ZeroLock and illuminated reticle



Ultimate Scandinavian Accuracy.
WWW.NORDISKEPRECISION.COM

NORDISKE® PRECISION

# SNELVUUR

## THOUSANDS OF CAPE FUR SEALS WASH UP ON CAPE COAST

In a development that has many people scratching their heads, thousands of Cape fur seals have recently washed up on the Cape West Coast. Most of the affected seals are emaciated and include subadults and even premature pups.

Autopsies on some of the dead seals have revealed that they were starving, with very low reserves of body fat. Scientists are baffled by the seal die-offs, and various NGOs and charities are scrambling to find enough food to keep rescued seals alive.

A similar phenomenon occurred in Namibia a year ago when thousands of Cape fur seals died in what was termed an "abortion storm". The reason for the Namibian die-off was traced to nutritional deficiencies in female Cape fur seals. One possible reason given for the seal die-offs is a lack of food due to overfishing by big trawlers. *(Source: Mail & Guardian)*



## DIE TOERISMEBEDRYF IN AFRIKA OP SY KNIEË AS GEVOLG VAN COVID-19

Aldus 'n onlangse berig deur die *Daily Maverick* het die toerismebedryf wêreldwyd $4,5 triljoen verloor sedert die Covid-19-pandemie sy kloue ongeveer 20 maande terug ingeslaan het.

Veral Afrika se toerismebedryf is sleg getref en ongeveer die helfte van almal wat in dié bedryf werksaam was, het hul werk verloor. Aangesien toerisme 'n belangrike bron van inkomste vir baie bewaringsareas en nasionale parke is, het bewaring ook swaar deurgeloop weens die pandemie.

In die areas onder SANParke se bestuur, het toerismegetalle tydens die grendeltydperk met tot soveel as 96% gedaal, wat op sy beurt tot 'n inkomsteverlies van 90% gelei het. In Botswana is feitlik almal wat in die toerismesektor werksaam was, óf tydelik óf permanent sonder werk en derhalwe 'n inkomste.

Verliese as gevolg van gekanselleerde jagte, die feit dat veilings van lewendige wild nie gehou kon word nie, sowel as die verbod op die verkoop van wildsvleisprodukte, het tussen Maart en Mei 2020 ongeveer $406 miljoen beloop.

Die Verenigde Nasies se Wêreld Toerisme Organisasie het in 'n onlangse studie tot die gevolgtrekking gekom dat toerisme in Afrika nie voor 2023 of 2024 weer op 'n pre-pandemievlak sal wees nie.

## ANOTHER EXPLOSION AT THE RHEINMETALL DENEL MUNITIONS FACTORY



During the night of 1 November, a massive explosion rocked the Rheinmetall Denel munitions factory near Somerset West in the Western Cape.

No fatalities were reported, but the blast follows another massive, fatal explosion in 2018, resulting in the death of eight people.

At this stage, the cause of the latest explosion has not yet been disclosed.

The 2018 explosion curtailed the manufacture of propellants for local ammunition manufacturers and reloaders. The second explosion is in all probability more bad news for the embattled propellant and explosives manufacturer, as well as South African consumers.

We have reached out to Rheinmetall Denel for more information about the future manufacture and distribution of propellant, and will keep you abreast of any news we receive in this regard.

## NAMIBIA'S ELEPHANT POPULATION STEADILY ON THE RISE

Namibia's Minister for the Environment, Pohamba Shifeta, recently announced a new National Elephant Conservation and Management Plan to provide guidelines and a framework for conserving the Southern African country's burgeoning elephant population.

During the launch of the new programme, the minister also announced that Namibia's elephant population had grown to nearly 24 000 animals from approximately 7 000 at the time the country's independence in 1990. In some areas of Namibia, elephants once again occur where they have been locally extinct for up to 70 years. *(Source: allafrica.com)*





## 'N NUWE PRODUK VAN SWAROVSKI

Dis algemene kennis dat enigiets uit die Swarovski-stal van uiters hoë gehalte is. Swarovski het onlangs bekendgemaak dat hulle 'n nagsigtoestel, die tM35, na die mark toe bring. Soos alle Swarovski-produkte, beloof die tM35 om ook van uitstaande gehalte te wees. Dis vir seker iets om na te kyk indien jy in die mark vir so 'n produk is.

Die termiese beelding- (of soos dit dalk meer bekend is in Engels, *thermal imaging*) tM35 kan as 'n handtoestel gebruik word vir alledaagse take soos byvoorbeeld plaasveiligheid. Die eenheid het 'n 4x-vergroting en met die lang batterylewe van sewe ure gaan dit jou nie sommer in die steek laat nie.

Jy kan die tM35 ook op jou geweerteleskoop monteer; dit kan op enige Swarovski Z8i, Z6i, Z5(i) en Z3, asook die Kahles Helia-reeks geweerteleskope aangebring word. Indien dit op 'n geweer gemonteer word, het jy net 1x-vergroting, maar jou teleskoop se vergroting vergoed darem vir die res.

Om batterylewe te spaar, skakel die tM35 net aan indien jy op die teiken aanlê. Dit verstel outomaties die beligting volgens die toestande waarin jy jou bevind om vir jou die beste prentjie te wys. Jy kan ook kies of jy "White Hot"- of "Black Hot"- beelde wil sien.

Die tM35 weeg skaars 495 gram, wat minder is as sommige knaldempers. Ons kan nie wag om een van die dae vir julle 'n volledige verslag oor dié nuwe produk te publiseer nie. Vir enige ander navrae, kontak gerus vir Whylo Distributors by 0861-005-903 of 031-584-8088 of besoek hul webblad: *www.whylo.co.za*

## SKRYF VIR SA JAGTER/HUNTER



Dit is vir ons by SA JAGTER/HUNTER altyd 'n plesier om bydraes van nuwe vryskutskrywers te ontvang. Ons wil graag ons lesers aanmoedig om die pen op te neem en hul ondervindings in die jagveld of tegniese kennis met ons te deel.

Wees asseblief so vrymoedig om enige materiaal of selfs net idees vir moontlike artikels aan die redakteur te e-pos by: *johan.vanwyk@media24.com*

'n Mens weet nooit wanneer die volgende groot skrywer dalk in ons tydskrif gaan ontluik nie! Ons sien uit na julle bydraes!

# WEN

## MET DIE KLIK VAN 'N KNOPPIE!

**Vier gelukkige lesers staan die kans om die onderstaande trots Suid-Afrikaanse produkte te wen.**

Besoek ons webtuiste
**WWW.SAJAGTERHUNTER.COM**
en klik op die **WEN-knoppie** om in te skryf.

**Die sluitingsdatum vir hierdie maand se kompetisie is 15 Desember 2021.**

## HIERDIE MAAND SE PRYSE:

### DENNIS KAPPETIJN-MES





Wen 'n Dennis Kappetijn-mes ter waarde van R1 500. Vir meer inligting, sien ons webtuiste; besoek *www.kappetijnknives.com* of kontak hulle by 082-923-5639 of 082-968-4242.



### DOVETAIL-AMMUNISIEKISSIES

Twee lesers kan elk 'n ammunisiekissie in die kaliber van hul keuse wen. Die Dovetail-ammunisiekissies word gemaak en geborg deur Rudi en Lizelle Louw. Kontak Lizelle by 083-257-4041 vir meer inligting. Elke kissie is ongeveer R525 werd.




### PROMARK/STEVENSON HAMILTON-PRODUKTE

Stevenson Hamilton-produkte word verskaf deur Promark en is landwyd by GWK-takke beskikbaar. Verskillende pryse/produkte (soos hoede, belde, skoene, kamoefleerklere, ens.) kan elke maand gewen word. Vir verdere inligting oor Promark se produkte, besoek gerus hul webtuiste by *www.stevensonhamilton.co.za.*

### AUGUSTUSMAAND SE WENNERS:

- **DOVETAIL:** BAREND VENTER, PRETORIA; ERNST LOMBARD, VREDE
- **KAPPETIJN-MES:** THINUS PRINSLOO, CAROLINA (Kontak Linita by 082-968-4242 vir jou prys.)
- **TWEE KORTMOUHEMDE:** RIAAN BASSON, MBOMBELA

**Die name van November/Desember se pryswenners sal in die volgende uitgawe van SA JAGTER/HUNTER-tydskrif verskyn en sal ook op ons webtuiste bekend gemaak word.**



# HOOP VIR ONS KINDERS

Daar's hoop, broeders en susters, daar's hoop.

Ek staan vanoggend voor die supermarkkassier met my mandjie kruideniersgoedjies. Vleis koop ek mos nou nie juis by die winkel nie, maar op my lysie is daar melk en rolletjies en vrugtesap en versterkdruppels en waspoeier en Rennies en gerookte salm (waarvoor ek van my goudaandele moes verkoop). Voor my in die tou staan 'n mollige dogtertjie met 'n hand vol pakkies ballonne van alle kleure. Sy tel hulle hardop uit op die toonbank: "Een, twee, drie, vier, vyf!"

"O, verjaar iemand?" probeer ek vriendelik wees. "Hou julle partytjie?"

Sy gee my 'n vuil kyk, soos wat dogtertjies maak ná hul ma's hulle gewaarsku het teen vreemde omies wat geselsies probeer aanknoop. "Nee. Dis vir my boetie," sê sy met oordrewe beslistheid. "Hy skiet hulle. Met sy *BB gun*."

Wraggies, dink ek. Daar's hoop vir ons kinders!

Daardie dogtertjie lei jy nie sommer aan die neus nie; dít kan 'n mens sommer dadelik sien. Moenie haar beursie probeer gryp of haar laat sukkel met swak diens by die Departement van Ballonsake nie. Moet ook nie dink jy gaan eendag haar dorp of straat se naam sommer net kom verander sonder teenstand nie. Met haar selfvertroue skort daar duidelik niks.

Vir 'n boetie wat só ernstig oor sy skietery is dat hy só 'n hardegat sussie kon oortuig om vir hom winkel toe te gaan, het ek eweneens baie hoop. Nie elektroniese speletjies vir hom nie, nee. Hy soek die ware Jakob: 'n skoot wat klap en koeëls wat trek.

Maar hoekom het dié dogtertjie en haar boetie se ballonne my dag gemaak?

Omdat sulke kinders deesdae die uitsondering eerder as die reël raak. Dis 'n feit: Die wêreld van kindwees het binne 'n enkele generasie van buite na binne verskuif. Vandag se kinders spandeer minder tyd buite in die natuur as enige ander geslag voor hulle.

Volgens 'n artikel in die *Washington Post* sit Amerikaanse kinders gemiddeld vyf tot agt ure per dag voor elektroniese skerms, terwyl hulle slegs enkele minute aan informele buitespeletjies afstaan.

Hier by ons, glo ek, volg dinge waarskynlik 'n soortgelyke patroon indien 'n mens na gemiddeldes sou kyk. Plaaskinders leef darem seker nog merendeels buite, maar wat doen ons dorps-, stads- en townshipkinders? En wat is die gevolge van so 'n sitlewe?

Dieet speel sekerlik 'n rol, maar meer kinders is deesdae oorgewig as ooit tevore. Dit het op sy beurt weer 'n invloed op hul gesondheid, lewensverwagting en moontlik selfs hul vermoëns, aangesien studies beweer dat kinders wat meer tyd in die buitelug deurbring, 'n wyer aandagspan ontwikkel as kinders wat hul dae met televisie of elektroniese speletjies omkry.

So 'n passiewe leefstyl en verwydering van die natuur word waarskynlik ook deurgedra na die grootmenslewe, wat niks goeds vir die toekoms voorspel nie. En dít is wat my kwel. Elkeen het seker die reg om sy leefstyl en lewensuitkyk te kies, maar dit is ons kollektiewe verhouding met die natuur wat my bekommer.

Ons sien reeds by townshipkinders 'n groot onkunde omtrent die natuur en sy prosesse bloot omdat hulle geen kontak meer daarmee het nie. En nou beweeg kinders uit gunstiger omstandighede ook stelselmatig verder weg van die buitewêreld en sy kardinale lewenslesse. Maar hoekom is dit kommerwekkend?

Omdat – soos ons jagters al geleer het – mense wat weinig van die natuur verstaan, minder respek vir die natuurlike omgewing het, en uiteindelik minder geneë is om dit te probeer bewaar en beskerm. (Hoewel dit hulle natuurlik nie stuit om allerhande onbesonne uitlatings in die media te maak nie.)

In die vroeë 1980's het 'n Harvard-bioloog, Edward Wilson, vorendag gekom met 'n teorie wat hy *biophilia* genoem het: die verskynsel dat die mens instinktief tot die natuur aangetrokke voel. Wilson se teorie het seker egter nie voorsien watter invloed die elektroniese revolusie op menslike gedrag sou hê nie. Ons het vandag steeds *biophiles*, maar in die breër wêreldbevolking het ons eerder te doen met 'n toestand wat, hoewel nie wetenskaplik erken nie, al gedoop is tot *nature deficit disorder.*

Ek moet my seker nie oor sulke hogere dinge uitlaat nie, want ek is eintlik maar net 'n ou kampvuurdromer, maar dit is net logies dat kinders wat in 'n omgewing grootword waar hulle aan natuurlike prosesse blootgestel is, gebalanseerde lewensvaardighede sal leer, of dit nou fisies, sosiaal, emosioneel, konstruktief, kreatief of logies is. Die veld se leerskool van mensword is immers 'n oeroue een met 'n beproefde sillabus. Al is daar nie Wi-Fi nie, is die veld 'n deeglike skool vir oorlewing.

Ja, ons kan maar net hoop, broeders en susters.

Vanoggend toe ek uit die winkel kom, loop ek buite in die parkeerterrein verby 'n silwer Corsa. Die ruit aan die passasierskant is oop en 'n outjie van seker so 12 lê verveeld op die sitplek met al twee sy duime druk besig op 'n foon se knoppies. Hy kyk nie eens op toe ek langs hom verbyloop nie.

Twee karre verder steek ek vas en draai om. (Skuus, ek kon dit nie help nie.) Ek vis 'n twintigrandnoot uit my sak en gaan gooi dit op sy skoot. "Hier, gaan koop vir jou ballonne of *pellets* of iets," sê ek vir hom voor ek weer aanloop.

Natuurlik het hy my nie verstaan nie. En ek hóm natuurlik ook nie. Maar dit maak nie saak nie. Op die ingewing van die oomblik moes ek dit sommer net doen. Sommer uit hoop vir ons kinders.

Die veld se leerskool van mensword is immers 'n oeroue een met 'n beproefde sillabus. Al is daar nie Wi-Fi nie, is die veld 'n deeglike skool vir oorlewing.




THE AESTHETIC & TECHNICAL REVOLUTION IN OVER-AND-UNDER SHOTGUNS.



## BROWNING B725 ADJUSTABLE SPORTER

- **Inflex II recoil pad:** providing the best recoil absorption possible on a shotgun
- **High-performance mechanical trigger system:** more control over your shooting
- **Low-action frame: faster aiming** • **Back-Bored™ Vector Pro™ barrel**
- **Invector DS™ chokes**



## BROWNING B525 GAME / BROWNING B525 SPORTER

- **Inflex II recoil pad:** providing the best recoil absorption possible on a shotgun
- **Back-Bored™ Vector Pro™ barrel**
- Grade 2 walnut elements with oil-rubbed inish
- **4 Injector + chokes** as well as an **auto-safety system**



## BROWNING CITORI

- Light alloy receiver for low overall weight of **3.3 kg**
- **4 Invector** + chokes - 1/4, 1/2, 3/4 & full
- Steel action with a **6mm** top rib
- Pistol grip and Tulip-style forearm
- ABS shotgun case with **gun lock and choke key**

Tel: 012 808 9911 • info@inyathi.net
Terms & conditions apply. E&OE. While Stocks last.

Distributed by
ISS INYATHI SPORTING SUPPLIES



My pre-64 Winchester Model 70 met sy Reinhart Fajen-kolf saam met die swartwildebeesbul se horings. Die teleskoop is 'n Leupold 4,5-14x40 – volgens my 'n uitstekende kombinasie.

# DIE .300 HOLLAND & HOLLAND – PRINS VAN DIE "DRIEHONDERDS"

Vir my en duisende ander .300 H&H-eienaars is die nostalgie wat dié veelsydige kaliber omgewe voldoende rede om dit tot die dood te verdedig.

Net 'n paar jaar nadat die ikoniese .375 Holland & Holland (H&H) die lig gesien het, het H&H in 1925 die "Super .30" bekendgestel, gebaseer op die .375 H&H se dop, afgenek na .308". Met uitsondering van die .375, was Holland & Holland nog nooit bekend vir ander *kommersiële*, suksesvolle kalibers nie en die meeste van hul eie kalibers is eintlik maar vergete. Verskeie bronne gee die bekendstellingsdatum van die "Super .30" aan as 1925 en ander weer as 1920.

Holland & Holland se eie rekords dui daarop dat die eerste .300 H&H op 1 Oktober 1926 finaal getoets was. Verskeie bronne meld ook dat die Western Cartridge Company (WCC) reeds in 1925 fabrieksammunisie in Amerika geproduseer het. Hoe was dit moontlik, wonder ek? Ongeag die datums, was die Amerikaners baie vinnig om op die golf van die .375 H&H se sukses te ry. Hulle het so te sê onmiddellik die Super .30 se naam verander na .300 Holland & Holland – 'n baie slim skuif op die jag- en skiet-skaakbord.

### EERSTE SUKSES OP DIE SKIETBAAN

Die .300 H&H, soos dit vandag bekendstaan, het egter 'n lekker vastrapplek gekry. Alhoewel nie so bekend soos die .375 nie, is dit 'n veertjie in H&H se hoed. In 1935 het WCC (destyds die eienaar van Winchester Repeating Arms) die ammunisie verskaf waarmee Ben Comfort die Wimbledon Cup gewen het. Sy telling was die beste (meeste V-kolle; sommige bronne sê 14, ander 17) van die agt skuts wat op daardie dag 'n voltal geskiet het. Daar is 100 skote oor 'n




Ons voorbladnooi in haar kas met alles wat gewoonlik saam met 'n Holland & Holland-geweer van topgehalte verskaf word. Hierdie .300 H&H is in die vroeë 1990's vir 'n Franse sakeman gebou, een van 'n stel van drie identiese .300's wat bestel is.

afstand van 1 000 jaarts gevuur. Hy was 'n onbekende buiteperd en het 812 ander skuts uitgestof.

Die waarde van hierdie prestasie moenie onderskat word nie. Die geweer is deur Griffin & Howe gebou en het na bewering 'n Enfield M1917-aksie en Winchester 28"-*bull barrel*-loop gehad. Winchester was vinnig om hul sukses in bemarkingsmateriaal te gebruik en het in 1937 reeds begin om hul fantastiese Model 70 (wat ons nou ken as die pre-64) in dié kaliber te bemark. Foto's van Comfort met sy trofee is in pamflette gepubliseer en 'n mens kan jou goed voorstel dat Winchester hul sukses wyd en syd verkondig het.

**DANKIE, WINCHESTER!**

Dis interessant dat Winchester die .300 H&H gekies het as een van die slegs nege kalibers wat vir die eerste vier jaar van die Model 70 se produksie beskikbaar was voordat die res van die 18 verskillende kalibers verskyn het. Hulle het duidelik hul bemarkingsfondse aan dié kaliber bestee en voet by stuk gehou, al was daar toe reeds ander kalibers op die mark waarmee die Amerikaanse publiek baie beter vertroud was. Comfort se sukses met die .300 het ander skuts laat notisie neem en dit het die kaliber geword wat die kompetisie vir jare daarna gedomineer het.

> Die .300 H&H is jare gelede as 'n "warm .30-06" bestempel, maar die konteks van hierdie stelling moet verstaan word.

Die .300 H&H was die eerste Magnum-kaliber wat in die Wimbledon Cup gebruik is. Ammunisie wat oorspronklik beskikbaar was, was 'n 180 grein-platpunt-bootstert teen 3 060 vps, 'n 180 grein-holpunt teen 3 060 vps en 'n 220 grein-sagtepunt teen 2 730 vps. Nog variante het later bygekom. Die .300 H&H was een van slegs vyf van die 18 kalibers wat tussen 1936 en 1963 vir die volle tydperk in produksie was (die 1937-verkope was geskoei op produksie wat reeds in 1936 plaasgevind het). Oor die jare sou Winchester uiteindelik 37 186 *produksie*-.300 H&H's verkoop, met 'n onbekende getal "spesiale" gewere uit hul *Custom Shop* daarby. Dit verteenwoordig 6,40% van die totale pre-64-produksiegewere en word slegs oorskry deur die .308 Winchester, .243 Winchester, .270 Winchester en die .30-06 – laat mens dink, nè! Die lysprys vir 'n nuwe Winchester .300 H&H in 1937 was 'n allemintige $74,25.

Hoekom al die Winchester-inligting? Ek is van mening dat Winchester/Western die .300 H&H bekendheid laat verwerf het – sekerlik danksy Ben Comfort se bydrae. Winchester het »



Let op dié Holland & Holland se mooi gravering op die magasynplaat.

» daarin geslaag om 'n bekostigbare produksiegeweer (in teenstelling met 'n duur, egte Holland & Holland-pasmaakgeweer) in elke Amerikaner se hand te plaas. Sover ek weet, het geen ander vervaardiger so vroeg begin om die .300 H&H as 'n produksiegeweer te maak nie. As dit nie daarvoor was nie, sou die .300 ook seker 'n stille dood gesterf het, soos heelwat van Holland & Holland se breinkinders.

Verskeie vervaardigers het oor die jare op die .300 Magnum-lawaaiwa *(bandwagon)* geklim. Voorbeelde is die .300 Remington Short Ultra Magnum (2001), .300 Remington Ultra Magnum (1999), .300 Weatherby Magnum (1948), .308 Norma Magnum (1960) en .300 WSM (2001); daar is egter ander ook. Teen 1963 het Winchester die nou beroemde .300 Winchester Magnum die lig laat sien om met hul eie kaliber in hierdie mark mee te ding. Produksie van die .300 H&H is dus gestaak om wedywering met hul eie .300-kaliber te voorkom, wat ook saamgeval het met die staking van die pre-64 Model 70 se produksie in 1963.

Soos 'n mens kan verwag, het die .300 H&H nou effe aan die agterspeen begin suig, veral omdat baie van die nuwe kalibers standaardlengte-aksies benodig het (en dus baie goedkoper gebou kon word). In 1963, die enigste jaar wat Winchester die .300 Winchester Magnum in die pre-64 Model 70 gebou het, het hulle 'n volle 4 916 produksiegewere vervaardig. Die nuwe kaliber was duidelik gewild.

Teen dié tyd was Amerika goed vasgevang in die "spoednajaag-era" en die geringe spoedvoordeel wat die .300 Winchester Magnum bo die H&H het, het duidelik 'n verskil in die gewildheid veroorsaak. Dit het



'n Prag-swartwildebeesbul wat ek met die .300 H&H gejag het. Hierdie kaliber leen hom by uitstek tot hierdie soort toepassing waar 'n langerige skoot oor die vlaktes soms nodig is.



Die gegraveerde greepkap van die .300 H&H is 'n sogenaamde *trapdoor grip cap*. Dit het 'n klein kompartement vir die stoor van 'n spaarkorrel.



Hier verskyn die .300 H&H (links) langs die .300 Weatherby Magnum, .308 Norma Magnum en, laastens, die .30-06.

gesorg dat die .300 Winchester Magnum die H&H met etlike baanlengtes in die gewildheidsklas gewen het. Ballisties gesproke is daar baie min te kies tussen die meeste van die .300 Magnums van daardie era.

**DOPONTWERP**

In die 1920's was kordiet die standaarddryfmiddel vir byna alle kalibers. Die .375 en .300 H&H se dopontwerp is grotendeels te danke aan die produksieproses van destyds. Die kordietstokkies is met dun toutjies aan mekaar vasgemaak en in 'n reguit dop geplaas. Die nek en skouer is eers daarna gevorm, anders sou hulle nooit die nodige kordietlading in die dop kry nie. Dié ontwerp word vandag as argaïes beskou, soveel te meer oor die belt wat deesdae amper 'n vloekwoord geword het.

As gevolg van kopspasiëring *(head spacing)* wat plaasvind op die belt, nie die skouer nie (die skouer, teen slegs sowat 17 grade, word as onvoldoende beskou vir spasiëringsdoeleindes), is dopkop-skeiding (*case head separation*) 'n groter oorweging as in die meeste ander kalibers. Ek skiet al omtrent 12 jaar met dieselfde doppe en gloei hulle gereeld uit, en het nog nooit skeiding in my Winchester- of PMP-doppe gekry nie. Iets waaroor niemand ooit sal stry nie, is dat die lang, slanke dopontwerp en sagte *taps* hul leen tot 'n patroon wat soos 'n mes deur warm botter in 'n kamer ingly. Dit geld veral in tropiese klimate (soos in Indië en Afrika, waar die .300 H&H gereeld diens gedoen het), waar oormatige hitte groter druk kan veroorsaak sodat doppe aan die kamer bind. Die .300 H&H se ontwerp maak dit baie doeltreffend om hierdie soort probleme te oorkom. My persoonlike opinie, asook dié van die meeste ander .300 H&H-eienaars wat ek ken, is dat dit die mooiste patroon is wat bestaan!

Is die .300 H&H vandag nog iets om te oorweeg? As ek eer-»




SHOTGUNS:

- 12B Holland & Holland over/under "sporting" cased
- 12B J. Rigby, best sidelock ejector, cased
- 12B Matched pair Boss & Co sidelock ejectors, new 27" barrels by Boss, cased
- 12B Browning B525, model V, sporter, 30" m/c
- 20B C. Hellis, boxlock ejector, cased
- 28B Beretta 687 EELL, fine wood, cased, as new, 28" m/c

RIFLES:

- .470 Nitro J. Rigby, sidelock ejector, cased
- .450/.400 3" Nitro Edwinson Green, sidelock ejector. Cased: Maharajah of Dungapur c. 1920
- .450/.400 3" Nitro W.J. Jeffery, boxlock ejector, c. 1935
- .375 HeH flanged mag. Royal ejector, cased, c. 1939
- .375 HeH flanged mag. Royal ejector, cased, scoped. c. 1925
- .30 Super Rimmed Royal ejector, c. 1950
- .240 Rimmed HeH Royal ejector, c. 1920
- .333 W.J. Jeffery Mauser, peep sight
- .375 HeH W.J. Jeffery Mauser, 5-shot mag
- .375 HeH Holland & Holland magnum Mauser, scoped & cased
- .375 HeH Holland & Holland Mauser, cased, never scoped
- 350 Rigby magnum J. Rigby square bridge magnum Mauser. Never scoped

082-441-0953 | james@africanrifles.co.za


» lik moet wees, is dit vir seker so dat daar meer moderne kalibers met 'n beter dopontwerp is wat alles én nog meer as die .300 H&H kan doen, maar dit is nie vir my belangrik nie. Vir my en duisende ander .300 H&H-eienaars is die nostalgie wat dié veelsydige kaliber omgewe voldoende rede om dit tot die dood te verdedig.

### 'N KYKIE NA DIE .300 H&H SE BALLISTIESE VERMOËNS

Ballisties gesproke het die .300 Winchester Magnum maar 'n klein voordeel bo die .300 H&H – so klein, trouens, dat dit byna weglaatbaar is onder praktiese jagomstandighede. Die .300 H&H se terugskop is vir seker ook aansienlik minder as dié van die ander .300's. Dit is 'n groot oorweging vir die meeste skuts, die uwe ingesluit, wat gereeld vanuit 'n sittende posisie op die baan en in die veld skiet.

Die .300 H&H is jare gelede as 'n "warm .30-06" bestempel, maar die konteks van hierdie stelling moet verstaan word. In die jare voor die Tweede Wêreldoorlog was die (stadiger) dryfmiddels wat hierdie soort Magnums in 'n ander ballistiese klas geplaas het, nog nie vrylik beskikbaar nie. Moderne dryfmiddels het hierdie kaliber en vele ander Magnums egter tot hul reg laat kom.

Baie eienaars probeer van hul .300's warm .30-06'e maak, maar ek stem nie saam met hierdie benadering nie. Myns insiens moet die .300 H&H gebruik word waarvoor hy ontwerp was – om die swaarder .308"-koeëls te lanseer teen sowat 2 750 vps vir die 220 grein-koeël, tot so hoog as 2 900 vps vir die 200 grein-koeël en selfs 3 100 vps vir die 180 grein-koeël.

Zero-afstand is van kardinale belang om hierdie ballistiese eienskappe ten volle te benut. In hierdie geval is 300 meter 'n goeie zero-afstand, soos die volgende voorbeeld sal toon: 'n Hornady 180 grein Interbond-koeël, gelanseer teen 3 050 vps met 'n 300-meter zero, styg maar 5,6" by sowat 175 meter en sak tot slegs 5,35" op 350 meter. Hierdie kombinasie kan dus goed aangewend word op die hart/long-area van medium tot groot bokke op afstande tot 300 meter. Indien jy daardie ver skoot op 350 meter moet skiet op 'n kwesbok wat dalk gaan wegkom, kan jy net die kruishaar 'n paar duim lig. Die verskillende moontlike toepassings is legio en sal afhang van die jagter se ammunisie en voorkeure, maar die voorbeeld toon die veelsydige aanwending daarvan.

My eie .300 Holland & Holland is ook 'n pre-64 Winchester Model 70 en sy reeksnommer dateer dit terug na 'n 1953-model. Ek het die geweer ongeveer 13 jaar gelede gekoop nadat ons redakteur my laat weet het dat Gregor Woods van *Magnum*-tydskrif s'n in die mark was. Die geld is dieselfde dag oorbetaal en ek was nog nie een oomblik spyt nie. (Ek skuld ons redakteur nog 'n goeie bottel *single malt* hiervoor! – *Ek neem kennis! –Red)*

Die geweer skiet op 'n tiekie met 'n voorkeur vir koeëls wat 200 grein weeg. Ek het al so laag as 165 grein teen 3 200 vps gegaan, maar akkuraatheid het afgeneem, tesame met 'n toename in vleisskade, natuurlik. Ek wou dié kombinasie as 'n springbokgeweer gebruik as die wind dit noodsaak, maar spoed sonder akkuraatheid beteken onder sulke omstandighede niks nie. Gevolglik is ek terug na die 200- en 220-greiners en het hierdie kombinasie al dikwels op die groter bokke soos koedoes, gemsbokke, blouwildebeeste en njalas gebruik.

Persoonlik dink ek die grootste bok wat 'n jagter met vertroue kan aandurf met hierdie kaliber is 'n elandkoei, maar nie die groot bulle nie. Sekere lesers sal sekerlik van my verskil. Ten spyte van vele aanbiedinge om my .300 H&H te koop, sal ek nie van hom afstand doen nie. Ek geniet dié kaliber se veelsydige aanwending in die jagveld gans te veel!

# SAVUTI ARMS

**Dealers in Arms and Ammunition**

**Handelaars in Wapens en Ammunisie**

**Tel:** 011 915 0138 / **Tel:** 011 915 0145
Carnival Centre, East Rand
Cnr Rangeview and Lawrence Rd, Brakpan
GPS: S26°15,061 E028°18,815
info@savutiarms.co.za
**www.savutiarms.co.za**
Savuti Arms is on Facebook.

**BESTELLINGS EN AFLEWERINGS LANDWYD - RAM & COURIER GUY.** *T's & C's Apply*

## DIE PUNTE-, LANGAFSTAND- EN *BIG BORE*-WINKEL

**Hierdie winkel is vir die herlaaier.** **This shop is for the reloader.**




BERGER BULLETS · Nosler Bullets for Sportsmen · WINCHESTER RIFLES AND SHOTGUNS · norma DEDICATED SINCE 1902 · SIERRA The Bulletsmiths · Hornady Accurate. Deadly. Dependable. · Swift BULLET COMPANY · RCBS · BARNES OPTIMIZED FOR YOUR TARGET™ · LAPUA

BURRIS · LEUPOLD · NikkoStirling OPTICS FOR SPORT, SINCE 1956 · LYNX · HAWKE · VORTEX OPTICS · SWAROVSKI OPTIK

Dillon Precision Products, Inc. · REDDING RELOADING EQUIPMENT · LEE PRECISION, INC. · RCBS

BOYDS HARDWOOD GUNSTOCKS · AT-ONE THE ADJUSTABLE GUNSTOCK

HODGDON · IMR LEGENDARY POWDERS · VIHTAVUORI














## SAVUTI ARMS

**Special imports available on request.**

Visit our page https://www.savutiarms.co.za/
or Like us on Facebook
www.facebook.com/savutiimports




# THE BRITISH SHOTGUN – REVERED FOR A REASON

Few things in life come close to spending a day in the field with a good British shotgun.

The image of the classic British shotgun is almost without fail that of a dainty, well-made side-by-side in the hands of a nattily attired hunter in the game field. Sometimes, the gent carrying the gun may have been accompanied by a second, slightly more humbly dressed individual, also carrying a gun with a cartridge bag slung over his shoulder. This was the loader with the gentleman shooter's second gun, and in many instances, the guns were a matching pair by one of the famous London gunmakers.

The British shotgun has another side to it as well, though. Not every shotgun to have left the showroom in England



**MAIN PHOTO LEFT:** A Blanch 16-bore back-action sidelock. Note that the bar of the action is solid as the mainspring is situated behind the tumbler. Also, note the shape of the lockplates.




**RIGHT:** The right-hand lock of a Purdey bar-action sidelock removed. Note how the mainspring, which is housed in the bar of the action, must be kept in place by means of a pin through the action bar.

and Scotland in bygone times was a best-quality sidelock. In fact, many were decidedly humbler in appearance and decoration, and over the years, the British catered to virtually every taste and budget. To put this in perspective, let's look at what the British made and how they did it.

### ACTIONS

We have already mentioned the sidelock action. Gunmaking-wise, it was the top of the pyramid for the British. With very few exceptions, these were usually the finest and most expensive models produced by the various makers. Fine wood and extensive engraving were hallmarks of the sidelock. The well-to-do and the cream of British society preferred the sidelock-actioned gun as it was very much the thing to do and to have during times gone by.

Sidelock actions can be divided into two categories: bar-action and back-action sidelocks. The difference lies in the positioning of the mainsprings within the action. In the bar-action sidelock, the mainspring is positioned in front of the tumbler, better known to the rest of the gunmaking world as the "hammer". In the back-action, the mainspring can be found behind the tumbler.

Both have their advantages. Bar-action locks generally boast a more elegant, rounded shape. In contrast, back-action locks sometimes have a more elongated shape to accommodate the moving parts on the inside. However, back-action locks are usually somewhat stronger because there is no need to drill a hole through the bar of the action (the part of the action that supports the underside of the barrels, just below the chambers) to support the mainspring. For this reason, sidelock double-barrelled rifles were often made on back-action sidelock actions, but this was by no means the case universally. Sidelock-actioned shotguns, especially best-quality guns, were generally made on bar-action sidelock actions as the more elegant shape of the locks lends itself to even engraving patterns.



A Westley Richards 12-bore detachable-lock (or droplock) boxlock shotgun with the bottom plate open to allow inspection of the locks.

The boxlock action was the invention of William Anson and John Deeley in 1877. Anson and Deeley were, respectively, a gunmaker and the managing director of Westley Richards & Co in Birmingham at the time. The boxlock action was devel- »




A James Woodward & Sons 12-bore bar-action sidelock shotgun. The retaining pin for the mainspring through the action bar can be seen clearly.

» oped to meet the demand for a double gun action that was not only cheaper than the sidelock action but also easier to produce. In this, the action's two inventors succeeded admirably.

The boxlock became an accepted staple throughout the British gun trade. In addition to Westley Richards, firms like WW Greener and Webley & Scott churned them out by the bundle. Boxlock-actioned guns can be found in a bewildering variety of styles and finishes. The majority were well-made working guns with or without ejectors and stocked in decent, strong wood.

Guns like these were aimed at the less well-heeled and were also exported to the various colonies in countries such as Canada, South Africa and Australia. They were used not only for bird hunting but were also called upon for troublesome leopards, snakes, native insurrections, and a whole host of other problems where a shotgun may come in handy.

On the very lowest rung of the scale, rough, poorly finished guns were supplied in large numbers to places like India and Africa. With these guns, quality was of no concern, just the fact that they would go bang when the trigger was pulled. Many such guns (not only box-lock-actioned guns but also a great many hammer guns) were produced by makers such as Greener and Westley Richards or even imported from Belgium. They were then engraved with a name and put back on a ship bound for Ceylon or wherever there was a demand for cheap shooting irons.

One often encounters guns such as these in South Africa. In many instances, the lack of quality, fit and finish is readily apparent, as is the fact that the gun in question has been shot off the face by a steady diet of stout 12-bore loads.



A vintage Rigby 12-bore sidelock shotgun. Although it appears to be a back-action sidelock because of the shape of the lockplates at first glance, it is, in fact, a bar-action sidelock action.

The upper end of the boxlock stable was a different proposition, though. Of all the various British makers, Greener and Westley Richards made a speciality of best-grade boxlocks (both firms made a variety of guns, from the cheapest to the most expensive). Greener guns were exported to South Africa in quantity and therefore have an almost cult-like following here. However, the very best Greener guns were never made in huge quantities. Hence, they are not frequently encountered and are quite sought-after by collectors. These guns, called G-Grade guns by Greener, were all slightly unique in their own way and very lavishly engraved indeed. They were made by a special team of workers in the Greener factory. When these workers passed on, G-Grade guns became increasingly difficult to manufacture as the skills required to build them were no longer available. Best-quality Greener boxlocks were every bit as well made and required just as much time as the finest sidelocks. Whenever one shows up for sale, it causes quite a flurry amongst collectors.

Westley Richards, inventors of the boxlock, went out on a different design limb with their own best-grade boxlocks. In 1895, Leslie B Taylor (a brilliant inventor and the Westley Richards manager at the time, who became its managing director in 1899) instructed one of the skilled actioners at the company to look into removing the friction-bearing pins through the boxlock action's body. Removing these pins is no laughing matter because they support the action's lockwork and are crucial to the gun's operation. What the unknown actioner came up with in 1897, however, was nothing short of genius.

The actioner suggested that lockparts be fitted onto the bottom-plate of the action, thus making it unnecessary to have pins through the action body. As a bonus, the new design was also somewhat stronger than a "normal" boxlock because the holes through the action body inevitably created a weak spot. To this day, the Westley Richards hand-detachable lock boxlock action, as it became known (alias the "droplock" in the US and elsewhere), is the gun Westley Richards is best known for. Even today, it is still made in both shotgun and rifle form and is an icon in its own right.

Aside from the boxlock and sidelock, the third action type that may be encountered on a British-made gun has Scottish origins. It is called the trigger-plate action because the lockwork is mounted on the trigger plate of the action. It was designed by James MacNaughton of Edinburgh in 1879. MacNaughton's original design featured a very long top-lever that served not only to open the gun but to cock the locks as well. Another well-known Scottish maker, John Dickson, took MacNaughton's design and refined it, creating an action that was not only extraordinarily beautiful but also very strong. He called it the "round" action because of the beautifully rounded action bar.

As a rule, round-action guns are beautifully crafted and highly sought after because of their relative rarity. Some were made with decorative sideplates, others with elegant side-levers. A few (a very few!) were even made as three- and four-barrelled guns, but not many people have seen »





**TOP:** A Westley Richards boxlock .303 double rifle. Note the pins through the action body for supporting the lockwork of the action.

**BOTTOM:** The classic Purdey 12-bore bar-action sidelock game gun, made on a self-opening action designed by Frederick Beesley.



From top to bottom: a Dickson round-action game gun, followed by a Westley Richards hand-detachable lock game gun, and, finally, a Purdey bar-action sidelock on Purdey's self-opening action, designed by Frederick Beesley. All three are in 12-bore.

» one of these rarities, much less owned or shot one.

## MATCHING THE GUN TO THE GAME

Aside from superior workmanship, British guns were also tailor-made for different purposes. So-called duck guns were aimed at the waterfowling market and were made on heftier actions with long chambers that could handle stouter loads. Some firms made a speciality of producing duck guns, and they are certainly a conversation piece if you know what you are looking at. I briefly owned a boxlock 12-bore duck gun. Although it was beautifully made, it was just too much of a good thing for me. I sold this heavy, very tightly choked gun to a British dealer after a short while. If you hunted ducks and the other larger waterfowl for a living, though, a duck gun was just the ticket, and many are still in use.

Whereas the various clay target shooting disciplines are dominated by over/under guns today, the situation was slightly different a century ago. The side-by-side was the gun of choice for almost everybody, and even though a few over/under guns were available, they were not in widespread use at the time and were prohibitively expensive. Pigeon guns (so called because of the live-pigeon shooting competitions that were popular before the clay target became the norm) were generally made to shoot ammunition with 70 mm cases ($1^1/_4$ oz loads) and were heavier as well: 7-$7^1/_2$ lbs for a 12-bore. Pigeon guns were made in fair numbers and are quite sought after today for both clay target shooting and high birds. They also make good game guns, but keep in mind that they tend to have a bit of choke.

The most numerous configuration of British shotgun produced by far, however, is the game gun. Built for driven shooting, this gun was generally proofed for a load of $1^1/_8$ oz of shot from $2^1/_2$" chambers and made to weigh somewhere between 6 and 7 lbs. Literally thousands of game guns were built, and they are frequently encountered.

## WHY THE ENGLISH GUN?

Over the years, I have owned a number of very nice English guns, including a London "best" or two, and I willingly admit to having a huge soft spot for English guns. As far as I'm concerned, they have a certain something about them that sets them apart, as I shall attempt to explain.

Firstly, the better grade British guns were handcrafted from the best materials available at the time by some of the finest craftsmen, with the benefit of generations of experience behind them. This is the reason for the English gun's longevity: fine materials and workmanship, which, in turn, are partly responsible for the price of some of the better British guns. Skilled time at the workbench has always been a rare, expensive and hard-to-find commodity.

Another aspect that sets the English gun apart lies in the details, which is not readily apparent. Action bodies were colour case-hardened to ensure the longevity of the steel used for the action – a vital step in the finishing process. Internal parts on good-grade guns were highly pol-



This is the type of image usually associated with fine British shotguns: a well-heeled gentleman, in this case, one of the greatest game shots of all time, Lord Ripon, with his loaders and his trio of Purdey game guns in the field. *(Source unknown)*

ished to ensure they were free of tooling marks and fitted and functioned together properly. It also went a long way towards corrosion protection. On some of the best guns, the internal parts of the action were even gold-washed to provide an extra layer of protection against rust.

Something else to keep in mind is that good British guns are noted for their longevity. A good gun in excellent condition that is well maintained will give a couple of lifetimes of trouble-free service. I know of quite a few British guns that are nearing the 150-year-old benchmark despite very regular use. This in itself is a testament to the workmanship that went into these guns and the quality of the materials used in their construction. I'm not suggesting for one moment that the quality and workmanship lavished on some of the guns made in Europe and elsewhere today are inferior. Still, they have yet to withstand the acid test of time, whereas the British gun has already passed this test with flying colours.

To be sure, breakages can and will occur, and setting things right can sometimes be a pain, especially in South Africa. Fortunately, there are several skilled people out there who can make replacement parts such as springs and firing pins, so barring a total catastrophe of sorts, an ailing gun can be mended.

Lastly, and this is a purely personal consideration, I think a good British shotgun is one of the most beautiful things on the planet. Generally, they have balance and handling characteristics like nothing else, and a good, well-fitting gun literally comes alive in the hand. When stocked to good dimensions with fine wood and sound barrels, owning and using such a gun is truly a joy. I get enormous enjoyment out of spending a day in the field with a British gun cradled in my arms.



Not the best photograph, but a good illustration of a 12-bore Dickson round-action game gun's action. Note how the action's working parts are mounted on the trigger plate. The round action is one of the strongest double actions out there.




Hierdie foto van die leeu is met behulp van 'n spoorkamera en nagsig-toerusting geneem.

# 'N ANDER SOORT LEEUJAG

Die droewige einde van 'n leeumannetjie bied stof tot diep nadenke.

Dit is nou al meer as 'n jaar later, maar min het ons destyds geweet dat die drie maande wat ons afgestaan het om 'n leeumannetjie uit sy "verknorsing" te red, ons lewens onherroeplik sou verander. Dit het soveel vrae ontketen oor waar hy vandaan gekom het en waarom die natuurbewaringsbeamptes nie opgelet dat hy uitgebreek het nie. Hierdie verhaal kon 'n beter einde gehad het, maar mense het weereens die natuur in die steek gelaat en ons moes noodgedwonge die situasie beredder.

### VUILBAARD VEROORSAAK KONSTERNASIE

Ek dink met heimwee terug aan daardie dag wat ek die eerste oproep ontvang het om ons van die gevreesde vuilbaard te verwittig. Vroegoggend op 3 Februarie het 'n leeuspoor op 'n nat grondpad 'n totale ommeswaai in 'n paar manne se waarnemingsvermoë teweeggebring. Die oproep van 'n benoude buurvrou wie se veewagters tydens hul normale roetine op 'n beeskarkas afgekom het, het almal in rep en roer gehad. Die karkas het glo gelyk soos 'n ge-





**BO:** Die binnekant van ons leeuskuiling. Dit het by tye behoorlik koud geword.

**HOOFFOTO:** Ons skuiling wat 70 m van die aas opgeslaan was. Dit was met opset hoog gebou om 'n hoogtevoordeel bo die leeu te bied.



Vars leeuspore laat altyd die hart vinniger klop!

skenk wat op Oukersaand oopgeskeur is. By verdere ondersoek het die spoor van ou vuilbaard soos 'n fossiel op sandsteen in die Karoo gelê – so lank en breed soos 'n Parker-pen in 'n boer se hempsak. Die eerste gedagte van 'n kat met kolle het in my agterkop opgekom.

Onder al ons kontakte wat jakkalse jag en "tweebeenjakkalse" monitor, het ons 'n spoorkamera (of *trail camera*, soos die Engelse sê) gekry, asook 'n handleiding wat alles stap vir stap in al die Babiloniese tale verduidelik. Ons het die apparaatjie naby genoeg aan die vorige aand se slagtingstoneel opgestel waar die Brahmaanbeeskruising aan sy einde gekom het. Die Land-Cruiser was 50 m weg, en hoe laer die son gesak het, hoe vinniger het die adrenalien in hoendervleis verander. Terwyl ons na die Cruiser teruggestap het, het die idee van



Hierdie vlakvark was een van die leeu se prooidiere.

iets goeds wat die goeie Vader geskep en in die natuur geplaas het om wanbalans en swak genetika hok te slaan, in my kop bly spook.

### 'N GESAMENTLIKE SOEKPOGING

Die volgende oggend vyfuur toe Moeder Natuur haar gordyne oopskuif, het die bevestiging gekom, amper soos 'n swart-en-wit ID-foto – dit was 'n groot leeumannetjie. Die hele noordelike KwaZulu-Natal het betrokke geraak: die SAPD, Natuurbewaring, boere en selfs personeel van 'n nabygeleë wildreservaat, asook veeartse met pylgewere en die korrekte verdowingsmiddels. Die dreuning van 'n helikopter wat die gebied fynkam, het heeldag opgeklink. Almal was gereed om te help, maar van die vuilbaard het daar net ou spore agtergebly. Almal het bespiegel oor die waar en die hoe en aan wie die kat behoort het.

Met die uurglas wat leegloop, het die kat in die volgende drie maande die omgewing behoorlik kruis en dwars verken. Hy het oral slegs sy spore agtergelaat, soms net effe té naby aan wat 'n mens jou *comfort zone* sou noem. Die plaaslike koerant het 'n voorbladstorie gepubliseer en Natuurbewaring het 'n verwyderingspermit uitgereik.

Omtrent elke dag het ons 'n oproep uit die gemeenskap gekry dat die kat iewers gewaar is. Dit het outomaties 'n onmiddellike reaksie veroorsaak wat geen resultate opgelewer het nie. 'n Vriend wat katte jag, moes sy trop spoorsnyhonde onverrigtersake huiswaarts laat keer. Hy het voorgestel ons maak 'n opname van waar die leeu elke keer opgemerk word; só het ons 'n patroon gekry van die halfmaanroete wat hy volg. Die buurman het daagliks hare aan die doringdraad gekry in 'n 10 km-radius in die vlei-area. Met tamboekiegras en riete as skuiling, meer as genoeg vlakvarke, rietbokke en 'n standhoudende spruit, het vuilbaard baie gerieflik so onder die radar geleef.

### 'N KAT-EN-MUIS-SPELETJIE

Ons het 'n spoorkamera aangeskaf, wat direk met 'n basiese sein 'n foto na jou selfoon kan stuur. Daarna het ons aas uitgesit. Die aand van 11 Mei het die kamera bevestig dat die leeu daar is. Hoe nou gemaak? Hy het laat snags beweeg tussen gras wat bykans 2 m hoog staan. Selfs die gesoute jagters het geweier om hul honde daar in te stuur; dit sou selfmoord wees! Die hoogloopspruit was op 'n stadium 'n opsie, maar dalk nie 'n wyse een nie, siende dat ons te voet in daardie lang gras sou wees met 'n uitgeslape leeu in die omtrek. Wat ons wel geweet het, was dat ons 'n hoogtevoordeel moes kry. Derhalwe het ons 'n jagskuiling aangeskaf; dit was meer soos 'n oop *Wendy house* wat ongeveer 6 m hoog op 'n soort windpomp staan. Ons het die affêre so 70 tree van waar ons aas uitgesit het, staangemaak.

Met al ons toerusting, van nagsigteleskope tot koffie, was ons oorgehaal om die punt aan die einde van hierdie verhaal neer te pen en die boek toe »



Dikwels was klossies leeuhare aan doringdraad die enigste teken dat ou vuilbaard nog in die omtrek was.

'n Outopsie nadat die leeu geskiet is, het getoon dat hy 'n longkwaal gehad het en dus nie hervestig kon word nie. Sy tande was egter in goeie kondisie.



» te klap. Die aas was uitgesit en die bloed gegooi om dit vir die leeu soos 'n bakkery te laat ruik wat sy smaak- en reuksintuie prikkel. Die lang wag het begin, maar tevergeefs. Gedurende die laat oggendure, nadat ons al in die kooi gelê het, het nog 'n foto op die selfoon deurgekom – vuilbaard was daar! Ons het besef hy kon ons die hele tyd sien, want die skuiling se oop kant was in die aas se rigting gedraai. Hierdie leeu was slim! Dié stelling dra meer gewig as wat ek op daardie stadium besef het, maar wel later sou uitvind...

Die volgende nag, met die skuiling omgedraai en slegs twee skrefies oop vir die geweerloop, het ons lê en wag. Met 'n voorgevoel dat die leeu daar is, het ons die bakkie laat kom en by die plek waar die karkas geplaas was, verbygery. Die kat het die karkas so pas omtrent tien tree verder geskuif! Terwyl ons 300 m verder gery het om weer om te draai, het hy die karkas nóg verder gesleep. Ek het hoendervleis gekry toe ek die soveelste keer besef hoe uitgeslape hierdie kat is...

Die volgende aand voor sononder, warmer aangetrek en met nóg meer koffie, het die reën ons huis toe gejaag toe 'n bliksemstraal 'n hoogspanningskraglyn bitter naby aan ons tref. Ons het die daaropvolgende aand dieselfde roetine gevolg, maar met 'n klein temperatuurverskilletjie – dit was ysig koud. Ons het geduldig gewag en dié keer het die kamera gewaarsku dat ou vuilbaard op pad was. Toe ons hom gewaar, was ons gereed. Hy was massief en grasieus en het baie skepties begin vreet. 'n Mens kon elke geluid hoor soos hy die vleis en vel skeur.

Glo dit of nie, maar vir die volgende vyf patrone wat gelaai is, het die slagpen nie die ontsteker geslaan nie. Leeu se kind het omgedraai en in die donker verdwyn. Het ek nie van beter geweet nie, sou ek kon sweer daar was 'n grinnik op sy gevreet! Hierdie leeu het kat-en-muis met ons gespeel en só sy gesag op ons afgedwing.

Dit was asof 'n alarm in my kop afgaan toe ek besef dat die kat nog nie een keer gebrul het om sy dominansie te toon in al die tyd wat ons sit en wag het nie. Hy vreet "vrot" vleis eerder as om self te jag…iets was anders omtrent hierdie leeu. Of dalk het sy gedrag bloot bewys dat mense eintlik minderwaardig is vergeleke met die aanpasbaarheid en oorlewingsvernuf van die natuur se skepsels. Dit het my ook nederig laat besef dat hy met goeie rede die "koning van die oerwoud" genoem word. Ons sal nooit opgewasse genoeg wees om met hom mee te ding nie. Al voordeel wat ons bo hom het, is die koue staalsneller van 'n geweer, en dit is die lafhartige uitweg – dit is mos hoe die mens-

dom sulke probleme uitsorteer. Ons het hom gefaal die dag wat hy uitgebreek het en niemand 'n poging aangewend het om hom op te spoor nie. Vir 'n oomblik kon ek nie help om te wonder of die stukkende geweer nie dalk 'n rede was om ons meer tyd te gee om hierdie manjifieke dier beter te leer ken en te bewonder nie. Ongelukkig het daardie swaar taak steeds op ons skouers gerus en ons moes voortgaan...

Die knellende vrae het vir die soveelste keer by ons opgekom: Waarom, hoekom, wanneer is dit tyd dat ons die einde bereik? Die geweersmid het die slot uitmekaargehaal en skoongemaak. Sy bevinding was dat die koue weersomstandighede en jare se aanpaksel die veergedeelte beskadig het; dit het verhoed dat dit die slagdop hard genoeg kon tref of die projektiel lanseer. Wat kon nóg skeefloop? Ons het nou byna drie maande lank elke dag na die leeu gesoek.

Die volgende aand het ons met nuwe moed en geduld, warm klere en beproefde toerusting teruggekeer. Maar helaas, die geluk was steeds nie aan ons kant nie. Ons het weer baie bloed op die grond gegooi. Die aand van 16 Mei kry ons weer teenspoed – die spoorkamera het opgepak. Wat nog? Ons het beurte gemaak met die nagsigtoerusting en kon in die verte die kenmerkende geroep van hadidas in die vallei hoor. Kort daarna het ons 'n koedoekoei gewaar wat uit dieselfde rigting beweeg.

**VAARWEL OU VUILBAARD...**

Ons was gereed toe die magiese katoë vanuit die donker verskyn. Ek het verwonderd gekyk hoe hy sagkens, tree vir tree, geluidloos deur die grasse beweeg. Hy het weer begin vreet en met 'n trotse houding opgekyk, reguit in ons rigting. Dit was asof hy geweet het wat gaan volg, en gelate sy lot aanvaar het. Twee kort, opeenvolgende knalgeluide het meer as net die voël- en wildbevolking in die vlei gesteur – vir 'n kortstondige oomblik het dit ook my menswees ontwrig. Dis verby! Met 'n oorweldigende gevoel van respek en hartseer, maar ook verligting, het ons ou vuilbaard gaan groet. Terwyl ek geboë staan en afkyk na die slim, vernuftige en eens trotse dier, het die trane onwillekeurig oor my wange gebiggel. Dit was asof ek my sondes aan hom wou bely, aan hom wou verduidelik en by hom pleit dat omstandighede ons geen ander keuse gelaat het nie. Ek kon die woorde nie op my lippe vorm nie, maar het in my hart vir hom gesê: "Ek is jammer dat my spesie jou in die steek gelaat het…"

Op daardie oomblik het ek besef dat indien ons nie natuurbewaring begin toepas en ons bekommernisse daaroor aan die wêreld uitbasuin nie, daar niks vir ons nageslag gaan oorbly nie.

**'N NUWE BEGIN**

Die nag van 16 Mei het nie 'n einde aan hierdie verhaal gebring nie, maar eerder 'n nuwe begin. Ter ere aan die "skim" wat so 'n integrale deel van ons lewens geword het, het ons 'n skietbaan gebou naby aan waar die noodlottige verhaal afgespeel het. Ons het dit "Leeugat" gedoop. Die doel daarmee is nie net om teikenskiet te bevorder en nog 'n SAJWV-geakkrediteerde baan daar te stel nie, maar ook om as tasbare en konstante herinnering te dien dat natuurbewaring aktief toegepas moet word; dit maak nie saak op watter skaal nie, want elke bietjie dra tot die einddoel by. Natuurlik is dit ook vir my 'n spesiale herinnering dat ek die voorreg gehad het om nader kennis te maak met die vaardigste, mees gerespekteerde dier in die natuur. Vaarwel, ou grote...

Ter nagedagtenis haal ek 'n vriend aan: *"It's been a year since my journey with him ended, and I will never know where he came from or why he chose my backyard to live in when he had thousands of hectares of cattle farms around him. Often, the only evidence we had that he was there was the hair in the barbed-wire fences and footprints in the sand, often to the most recent cattle calf he had preyed upon. Sadly, after months of him avoiding live capture, we made the difficult decision to put him down. However difficult, our biopsy from the post mortem came back showing chronic lung disease, hence nullifying the option of relocating, had he been captured. Respect to my two fellow farmers, who at our own expense made every attempt to change this outcome but were eventually left with no choice but to end it. Apart from paperwork, the authorities could do nothing due to financial constraints, while their infrastructure and fences surrounding Big 5 reserves continue to fall into ever worse disrepair as a result of corruption and greed. This magnificent animal's end will not be the first and definitely not the last."*

> Natuurlik is dit ook vir my 'n spesiale herinnering dat ek die voorreg gehad het om nader kennis te maak met die vaardigste, mees gerespekteerde dier in die natuur.



# SUKSES OP DIE SPRING-BOKVLAKTE

Die Springbokvlakte se boere wéét hoe om 'n goeie voëljag aan te bied!

Die pandemie het weereens ons skietplanne vir die jaar gesaboteer, en soos die derde Covid-golf stoom opgebou het, is een voëljag ná die ander eers uitgestel en later afgestel. Die seisoen het einde se kant toe gesnel en al skietgeleentheid wat ek tot dusver vir die jaar bygewoon het, was 'n tarentaaljag begin Mei.

Ek het Jaco, my jare lange skietvriend, gekontak en gevra om by sy neef Maritz, wat in die Settlers-omgewing boer, te hoor of ons nie 'n bepaalde Saterdag op sy plaas kon kom skiet nie. Ons was egter baie teleurgesteld om te hoor dat die Springbokvlakte-boerevereniging se tarentaaljag op dieselfde Saterdag sou plaasvind. Die jag was vir vroeër die jaar geskeduleer, maar is weens die Covid-pandemie uitgestel. Jaco se neef dien as gids vir dié jag en sy dienste sowel as sy plaas was dus dié dag vir ons ontoeganklik.

Jaco kon egter met 'n paar oproepe die jagorganiseerder kontak en hy het ons goedgunstig genooi om aan die skietbyeenkoms deel te neem. Die Springbokvlakte-boerevereniging se tarentaaljag is 'n jaarlikse instelling wat in 2021 al vir die 29ste keer gehou is. Dit is die boerevereniging se grootste fondsinsameling vir die jaar en begin gewoonlik met 'n groot ontbyt waartydens al die jagters byeenkom en hul gidse vir die dag ontmoet.

Die omgewing se boere dien as gidse en die voëljag vind op die plase in die gebied plaas. Die jag word afgesluit met 'n braai



**BO:** Francois met die dag se eerste twee fisante.



**HOOFFOTO:** Sonsopkoms oor die Springbokvlakte.





**BO:** Die bosveldfisant – 'n baie lekker spesie om te jag.

**REGS:** Wouter, Jaco en Francois met die dag se oes.

waar al die jagters bymekaarkom en 'n prysuitdeling gehou word. Aangesien die boere ook die gidse is, ken hulle die plase baie goed en weet waar die voëls wegkruip.

### 'N BEKENDE JAGPLEK

Die Springbokvlakte is 'n welbekende voëljagbestemming waar gewasse soos sonneblomme, mielies en koring verbou word. Die landerye word met digte areas natuurlike bos afgewissel en dit is juis hierdie kombinasie wat voëls soos fisante en tarentale in rekordgetalle daarheen lok. Die jagters wat aan die skietbyeenkoms deelneem, deel hulself gewoonlik in spanne van vier tot ses in.

Met minder as 'n week oor voor die jag, sou ons span net uit drie lede bestaan omdat ek, Jaco en Wouter nie op kort kennisgewing nog iemand kon kry om ons te vergesel nie. Al het ons span uit minder as die voorgeskrewe minimum aantal lede bestaan, het die skietorganiseerders ons weereens verwelkom.

Om te verseker dat die Covidreëls nagekom word en al die jagters veilig bly, is die skietreëlings effens aangepas. In plaas daarvan dat al die jagters vir ontbyt en aandete byeenkom, het elke span sy gids op die individuele plase ontmoet. Ontbyt en middagete is voorsien en in die veld geniet.

Ons het die GPS met groot opgewondenheid gevolg en op die plaas aangekom net toe die son sy kop bo die horison uitsteek. Dit was egter 'n koue, winderige oggend en weerligstrale het onheilspellend oor die noordelike horison geflits toe ons vir Wian Dykema en Wian Sullwalt ontmoet. Dié twee jong boere se families boer al vir geslagte saam in die omgewing en hulle ken die area goed. Hulle sou sorg vir 'n onvergeetlike dag vir ons drie jagters.

### IN DIE VELD

Die eerste area waar ons gejag het, was 'n driehoekige stuk veld wat aan albei kante deur gestroopte lande omring is. Ons het in 'n ry gestap met omtrent 5-10 meter tussen ons. Ons het by die breë basis begin en soos ons gevorder het, het die veld al smaller na sy punt toe geloop. Aanvanklik het die veld uit doringbome en bosse bestaan, met klein dele digte gras. Soos ons gevorder het, het die veld in digte grasveld verander. In die reënseisoen sou hierdie area 'n vlei vorm.

Ons helder oranje hoede het dit makliker gemaak vir almal om teen dieselfde tempo te loop en het verseker dat almal weet waar die jagters hul bevind. Ervaring het ons geleer dat meer voëls opgejaag word as die jagters stadig en rustig deur die veld stap. Om met tye stil te staan lei ook dikwels tot sukses.

Die eerste fisant wat byna reg onder my voete opgestyg het, het ek met albei lope gemis. Aan die begin van 'n voëljag is ek dikwels senuweeagtig; dis eers as ek effens ontspan dat ek sukses behaal. Ek was dus nie te bekommerd oor my aanvanklike swak skote nie.

Daar was skote van Jaco se kant af hoorbaar en skielik het 'n paar fisante voor my uit die gras gepeul. Ek het die naaste een met die loop gelei en toe die skoot klap, het die voël morsdood uit die lug neergestort. Ek het aangehou met die deurswaai en my tweede skoot het die tweede fisant ook gedood. Dis altyd 'n hoogtepunt om 'n dubbel te skiet!

Wouter het kom help om die voëls te herwin en namate die veld nouer geraak het, het al hoe meer fisante uit die gras opgevlieg. Al die voëls wat ons geskiet het, het die helder rooi kele en bruin vere van die bosveldfisant getoon *(Swainson's spurfowl – Pternistis swainsonii).*

Jaco se skietbaadjie het ook reeds 'n paar voëls getoon toe »







**BO:** Wouter wonder wat op die spyskaart is.

**MIDDEL REGS:** Daar is niks soos 'n vuurtjie in die jagveld nie…

**ONDER REGS:** Wian, Wouter en Jaco kuier lekker saam oor middagete.

» ons vir ontbyt vergader. Dit was 'n vrolike, honger groep jagters wat die ontbytpakkies geniet het wat voorsien is.

Ná ontbyt het ons die tweede veld aangedurf. Halfpad het 'n enkele fisant uit die bos ontplof. Wouter en Jaco se skote het soos een geklink en die voël het uit die lug getuimel.

## 'N ONVERWAGTE REËNBUI

Skielik het die wind egter kouer geraak en sterker begin waai, en groot druppels het begin val. Wian was gou daar met die bakkie en ons het in 'n stoor op die plaas gaan skuiling soek. Gelukkig het die reën gou opgehou en ons kon binnekort weer veld toe.

Dié keer het ons in 'n smal, droë vlei gejag wat in 'n dam geëindig het. Die damwal was van grond gebou en met lang gras oorgroei. Teen die tyd dat ons by die damwal was, het ek en Wouter reeds weer 'n fisant elk geskiet. Ons het dus nou versigtig met die damwal langs geloop. Skielik het 'n swerm van vyf fisante voor Jaco opgevlieg. Ek was bo-op die wal en het 'n goeie uitsig gehad om die aksie te sien ontvou. Die hele swerm het oor die dam gevlieg om te ontsnap. Wouter se skoot was dodelik akkuraat en die voël het amper grasieus na benede gestort. Jaco het 'n fisant op die periferie gelei en ook sy skoot het 'n fisant morsdood in die water laat plons. Jaco het met baie geduld en die hulp van twee stokke die fisante uit die water gevis.

Middagete het aangebreek en daar was spoedig 'n knetterende vuur in Wian se nuwe braaier wat hy onlangs gebou het. Die braaier is sommer in die stoor staangemaak uit die wind uit. Ons het heerlik gekuier terwyl die twee Wians gebraai het en het aan die biefstuk, varktjops, slaaie en knoffelbrood gesmul – 'n ware feesmaal!

Die middagsessie was weer uiters suksesvol en ek was in verwondering oor Jaco se akkurate skote op die voëls wat verder opgestyg het. Die digte gras het egter ons energie getap. Ons het reeds ons volle kwota fisante geskiet wat die owerhede toelaat en het dus met gelukkige harte huiswaarts gekeer.

Ongelukkig kon nie een van ons vriende met honde ons op hierdie voëljag vergesel nie. Baie mense meen dis verkeerd om sonder honde te skiet en ek stem definitief saam dat dit nie ideaal is nie. Om seker te maak dat die voëls opgetel word, moet al die skuts saamwerk. Ná 'n skoot moet die skut stilstaan en die plek waar die voël geval het, stip dophou. Die ander manne volg dan sy instruksies om die voël te herwin. As hulle nie dadelik die dooie voël kry nie, moet hulle stadig in sirkels vanaf die gemerkte punt soek. Op dié manier sal min voëls verlore gaan.

Ek was altyd een van die ouens wat gelag het vir die Amerikaners se helder oranje jagklere, maar tydens 'n fisantjag in digte bosse maak dit baie sin. Almal weet waar die gewere is en dis makliker om die lyn reguit te hou.

Dit was 'n voorreg om die Springbokvlakte-boerevereniging se jaarlikse tarentaaljag by te woon. Dit het die jaar se voëljagseisoen op 'n hoogtepunt afgesluit en is beslis iets om volgende jaar na uit te sien.

**Kontak gerus vir Rassie van Vuuren by 082-312-9112 of Estelle Paul by 079-516-6269 as julle volgende jaar se jag wil bywoon.**

## JOU GIDS VIR

# JAG EN SKIET

**Propvol interessanthede vir die beginner sowel as die ervare jagter.**




- Wenke oor waarna om uit te kyk met die koop van 'n tweedehandse haelgeweer.
- Advies oor jag op die vlaktes sowel as in die Bosveld.
- Hoe om jou kinders te leer skiet.
- Die wonder van pasmaakgewere.

**Indien jy dit nie in die winkel kry nie, bestel só:**

DIGITALE WEERGAWE
Gaan na:
https://www.magzter.com/ZA/Media24/SA-Hunter-Jagter-Kolskoot/Fishing-&-Hunting/ *of* zinio.com/za *of* pressreader.com/catalog/south-africa *of* pagesuite.com

E-pos:
johan.terblanche@Media24.com

Tel:
021-406-4962

# HOE GESOND IS DIE BOOGJAGBEDRYF?

Boogjag is gewis nie meer so gewild in Suid-Afrika as tien jaar gelede nie. Tog verkies baie jagters steeds hul boog bo ’n geweer en is boogjaggeleenthede nog volop.

**HOOGTE- EN LAAGTEPUNTE**

Toe ek 21 jaar gelede oor boogjag begin skryf het, was dit duidelik dat die pyl en boog besig was om al hoe gewilder as jagwapen te word. In die daaropvolgende jare het baie wildplase hul deure vir boogjag begin oopmaak en talle jagters het hul gewere vir boë verruil.

In 2000 was daar net twee boogskietwinkels in Pretoria, naamlik Jack’s Archery en SA Bowhunter, een in Johannesburg (Sharp Edge) en nog een in Kaapstad. Kort voor lank het boogwinkels oral in die land begin oopmaak – selfs in kleiner dorpe soos Ellisras en Vaalwater. Boogjag was gewis die nuwe



**HOOFFOTO:** ’n Boogjagter met laaste lig.

mode in die jagbedryf.

Dié belangstelling in boogjag het bly toeneem, veral weens die streng vuurwapenwette in die land wat dit moeilik gemaak het om jaggewere aan te koop. Omdat kragboë jaar ná jaar verbeter het, het baie boogjagters gereeld hul ou boog vir 'n nuwe een ingeruil. Dit het baie gehelp om die boogjagbedryf te laat groei en boogwinkels te laat floreer.

Toe die wapenwette rondom 2004 verander is, het dit weer makliker geword om gewere te koop. Dit het egter baie lank geneem om 'n nuwe lisensie goedgekeur te kry. Dus was dit nog makliker om 'n boog van die rak af te koop, aangesien 'n mens nie 'n lisensie nodig gehad het (en steeds nie nodig het nie) om 'n boog te besit of daarmee te gaan jag nie.

Omstreeks 2013 het sake verander. Nuwe wetgewing het die SA Polisiediens verplig om binne drie maande nuwe lisensie-aansoeke te verwerk. Geweerwinkels het dié nuwe geleentheid gebruik deur goedkoper gewere soos Howa en Marlin in te voer. 'n Jagter kon 'n nuwe .308 koop vir die helfte van die prys van 'n nuwe boog.

Boogjag (en jag in die algemeen) is ook 'n knou toegedien weens die teel van sogenaamde kleurvariant-wild én die rand wat waarde verloor het teenoor die Amerikaanse dollar en ander geldeenhede. Wild het duurder geword omdat wildplaaseienaars op daardie stadium meer geld kon verdien deur hul wild op veilings te verkoop as om hul diere te laat jag.

Ek onthou dat ek in 2017 geskryf het dat boogjag 'n baie moeilike bedryf geword het om in te floreer. Pryse van boë het die hoogte ingeskiet en baie jagters, wat boogjag begin doen het omdat hulle nie geweerlisensies kon kry nie, het 'n jaggeweer in plaas van 'n nuwe boog aangeskaf.

Dit het ook gelyk asof boë 'n tegnologiese hoogtepunt bereik het. Boogskutters en boogjagters het nie meer so gereeld »



**Die voordeel van 'n kruisboog is dat die hele gesin met dieselfde wapen kan jag.**

» 'n nuwe boog gekoop nie, maar langer met die ou boog bly skiet. Omdat nuwe boë nie meer veel van die ouer boë verskil het nie, was die aansporing om baie vir 'n nuwe boog te betaal nie genoeg nie. Boogjagters het besef dat as 'n boog 'n dier een keer effektief kan doodmaak, dit nie sal ophou om dit te doen net omdat 'n nuwe boogmodel bekendgestel is nie. Talle boogwinkels het hul deure gesluit en slegs 'n paar groot boogwinkels het oorgebly.

#### KLEURVARIANTE

Die teel van kleurvariant-wild in die hoop dat jagters baie meer sou betaal om dié diere te skiet, het op 'n skouspelagtige manier platgeval. As gevolg hiervan is baie wildplase wat weens die teelprogramme vir jag gesluit was, nou weer oop vir jag.

Moselesele, 'n boogjagplaas waarop ek sedert 2006 elke jaar gejag het, het byvoorbeeld sy deure omstreeks 2012 gesluit vir jag toe die eienaars begin fokus op die teel van buffels, swartwitpense en kleurvariante. Ongeveer drie jaar gelede het dié wildplaas weer sy deure geopen, maar slegs vir een of twee groot jaggroepe. Verlede jaar het hulle besluit om die hele jagseisoen vir alle jagters oop te bly. Alles is weer normaal en gewone wild kan teen bekostigbare pryse met die boog gejag word.



'n Boog soos die Carbon RX4 Ultra gaan 'n jagter R31 750 uit die sak jaag. Dan moet daar nog 'n visier, loervisier, pylrus, stabiliseerder, pyle, koker en 'n paar ander items aangeskaf word.

#### KRUISBOË AL HOE GEWILDER

Daar is weer meer druk op die lisensiëring van wapens omdat die verwerking van aansoeke ver agter geraak het en jagters baie lank moet wag voor die lisensie van 'n nuwe jaggeweer goedgekeur word. Die regering dring ook weer aan op strenger wapenregulasies. Dit is baie jammer en behoort so gou doenlik reggestel te word. Dit is egter ook waar dat die situasie veroorsaak dat meer jagters dit weer oorweeg om 'n boog te koop. Ons sien ook 'n groter belangstelling in kruisboë. Talle geweerjagters kies deesdae eerder 'n kruisboog as 'n kragboog.

Vyftien jaar gelede was kruisboë baie ongewild en sou geen boogjagter dit oorweeg het om een aan te skaf nie. Sedertdien het menings egter verander. Kruisboë is nou toegerus met dieselfde nokke en ander tegnologie wat ontwikkel is vir kragboë, skiet vinniger as kragboë en is uiters akkuraat. Een van die voordele van 'n kruisboog is dat een so 'n boog 'n hele gesin kan bedien. Almal kan daarmee skiet en jag, selfs 'n jong kind. Kruisboë verg minder oefening om akkuraat mee te skiet en dit is makliker vir geweerjagters om van geweerjag na kruisboogjag te migreer as na 'n kragboog.




Ravin se kruisboë is baie populêr.

Kruisboë kan in baie kleiner ruimtes gebruik word en vereis minder beweging om mee te skiet. Ek het drie dogters en twee van hulle het hul eerste diere op die ouderdom van ongeveer 11 met 'n kruisboog platgetrek.

Alhoewel die bloeitydperk in die boogjagbedryf tot 'n mate verby is, is daar gewis nog belangstelling in dié jagvorm en kom baie oorsese boogjagters op ons jagplase jag.

#### PRYSE: BOË VS GEWERE

Ek het onlangs met 'n wapenhandelaar gepraat wat gewere én boë verkoop. Hy sê die goedkoper boë soos Mission en Diamond se pryse is min of meer dieselfde as dié van die goedkoper gewere en die duurder boë vergelyk goed met effe duurder gewere. Hy meen ook dat baie mense in die verlede boë gekoop het omdat dit goedkoper as gewere was en dit moeilik was om 'n geweerlisensie te bekom. Deesdae is boë egter net so duur soos gewere en vuurwapenlisensies is maklik om te kry. Volgens hom is daar deesdae min jagplase oor wat net vir boogjagters regstaan. Die meeste laat nou ook geweerjag toe.

Ek het ook onlangs met Fritz Rabé, 'n bekende Suid-Afrikaanse professionele jagter, oor die huidige situasie van die boogjagbedryf in die land gepraat. Fritz sê: "Die baie hoë pryse vir boë veroorsaak dat baie mense nie



'n Jagter kan by dieselfde boogwinkel, in stede van duur boë, ook heelwat goedkoper boë kies, byvoorbeeld die Bear Cruizer G2-pakket vir slegs R7 999,99. Dit sluit nie net die boog in nie, maar ook 'n pylrus, visier, stabiliseerder, koker, loervisier en so meer. Vir elke jagter is daar dus 'n boog wat sy sak pas.

hul kinders aanmoedig om aan boogskiet deel te neem nie, aangesien kinders wat groei, elke paar jaar 'n nuwe boog moet koop. 'n Gesin wat met 'n geweer jag, kan een geweer koop en die hele gesin kan daarmee skiet. Met boogjag moet elke lid van die gesin sy of haar eie boog hê. Om dié rede verkoop so baie kruisboë!

Fritz sê ook: "Aangesien kliënte stadigaan begin terugkeer, het ons baie hoop vir die toekoms. In 2018 en 2019 was 35% van my kliënte boogjagters. Hulle het almal buffels en vlaktewild kom jag. Ek dink ook dat die oorsese boogjagbedryf redelik gesond is."



Fritz Rabé by 'n kliënt wat 'n buffel gejag het. Fritz vergesel kliënte wat met 'n boog of geweer jag.

### COVID-19

Natuurlik het Covid-19 'n uitwerking op die jagbedryf in 2020 en 2021 gehad. 'n Mens kan egter seker wees dat jag oor die algemeen weer na normaal sal terugkeer sodra die pandemie en inperkings verby is. Ek ken ook 'n hele paar jagters wat vir enkele jare ophou boogjag het en wat nou weer hul boë van die rak afhaal en begin oefen. Só het ek net onlangs saam met 'n goeie vriend gaan jag wat lank ophou boogjag het, maar wat tydens die jagnaweek sy tweelingseuns hul eerste bokke met dié boog laat skiet het.

### 'N UNIEKE SPORT EN JAGMETODE

Dit is dalk weer nodig om die redes waarom boogjag so 'n unieke sport en jagmetode is, te noem, en te verduidelik waarom dit in die verlede soveel byval by jagters en wildplase gevind het.

Boogskiet is 'n veelsydige aktiwiteit wat deur bykans almal beoefen kan word – mans, vrouens, kinders, bejaardes en selfs gestremde persone. Daar is mense wat albei arms verloor het en steeds boogskiet en dit geniet.

Daar is geen lisensie nodig om 'n boog te koop nie, geen toets om te slaag nie, geen vorms om in te vul en in te handig nie en geen wagtyd voor die wapen in jou hand is en jy daarmee kan begin oefen nie.

Jy koop een stel pyle en jy kan baie lank daarmee skiet. Jy kan dieselfde pyle waarmee jy oefen, gebruik om later mee te jag. Jy hoef net 'n ander punt vooraan in te skroef.

Wat boogskiet besonders maak, is dat skuts by die huis kan oefen en nie altyd na 'n skietbaan hoef te ry nie. Dit is ook 'n aktiwiteit waaraan die hele gesin kan meedoen en dit help dus om die gesinsbande te versterk. Ek het nog nooit 'n jong seun raakgeloop wie se oë nie vonkel wanneer hy 'n boog sien nie – en nog net 'n paar meisies wat min belangstelling getoon het. Bykans alle kinders wil graag met die pyl en boog skiet en sodra hulle 'n boog en pyle in die hand het, kan hulle hulself ure lank vermaak. Boogskiet is nou maar eenmaal deel van die mens se bestaan.

'n Boog is gewis nie 'n beter jagwapen as 'n geweer nie; dit is bloot 'n ander wapen. In die VSA jag baie jagters met albei wapens omdat dit hulle jagseisoen verleng. In die geweerseisoen jag hulle met die geweer, in die boogseisoen met die boog. Sommige jag ook met 'n voorlaaier omdat daar vir dié wapen ook 'n jagtydperk opsygesit is. In Suid-Afrika is ons bevoorreg om die hele jagseisoen met die geweer én die boog te kan jag. Ons kan inderwaarheid heeljaar deur jag indien ons net die jagwerk op 'n geakkrediteerde jagplaas doen.

In sekere omstandighede is dit egter wel "beter" om met 'n boog te jag en in ander omstandighede weer "beter" met die geweer. In baie gevalle het "beter" niks daarmee te doen nie; die jagter verkies bloot om tydens 'n spesifieke jag, weens een of ander rede, eerder met 'n boog of eerder met 'n geweer sy prooi te jag.

Een van die voordele van boogjag op 'n jagplaas is natuurlik die feit dat 'n boog stil is en dat wild meestal makker is op plase waar daar net met die boog gejag word. Dit maak dit dan ook vir die jagplaaseienaar moontlik om ander ekotoerisme-aktiwiteite op die plaas te bedryf. 'n Pyl uit 'n moderne boog trek net 'n paar honderd tree ver indien dit teen 'n hoek van 45 grade geskiet word. Die pyl haal meestal veel minder as 100 meter nadat dit na 'n bok geskiet word omdat dit teen 'n effens afwaartse hoek geskiet word. 'n Koeël uit 'n geweer kan kilometers ver trek. Omdat die boog dus stil is en die pyl nie 'n groot gevaar inhou nie, kan besoekers elders op 'n jagplaas steeds wild besigtig, stap, fietsry of watter aktiwiteit ook al aangebied word.

Boogjag vind gewis nie byval by alle jagters nie en die roer het 'n baie spesiale plekkie in die meeste jagters se harte. Dit is ook reg so. Wanneer iemand begin boogjag, beteken dit egter nie hulle moet hul geweer eenkant toe skuif nie. Die meeste boogjagters wat ek ken, jag ook graag met 'n geweer. Dit is egter ook waar dat indien die boogjag-gogga iemand byt, dit vir hulle 'n nuwe wêreld oopmaak en boogjag bykans 'n lewenswyse word.

# HUNTING A MAGNIFICENT SABLE IN THE LIMPOPO VALLEY

Hunting one of nature's most regal antelope is a privilege indeed.

I awoke in pitch-darkness from the noise of something sizeable running on my chalet's roof. A moment later, the shrill call of a crested francolin outside the door spurred me on, announcing the birth of a new day in the Bushveld.

It is 05:00 on the first hunting morning on a large game farm in the northwestern part of Limpopo Province. Gert Stols invited me on a special sable antelope hunt on his beautiful game farm, bordered by the Limpopo River to the west and the Matlabas River to the east.

The hunt would be special in more than one way: I had the prospect of hunting a sable. What is more, I would hunt this majestic animal on this magnificent farm spanning close to 10 000 ha between the two rivers, a mere 30 km upstream from the farm where I grew up. This area undoubtedly is my favourite hunting ground!

The hunting camp is nestled in the middle of the Bushveld among red bushwillows and marula trees. Thanks to the



In quiet contemplation at the end of another day in the African bush.



Relaxing in the bush with a *potjie* gently simmering is a special treat.

thriving ecosystem, we were surrounded by the sounds of nature – from black-backed jackal yapping, francolin and fish eagle calling, buffalo grunting and baboon barking, to all the nocturnal sounds one could imagine. This Bushveld melody set the theme for the next seven hunting days. This is a place where you feel free and alive, and your mood is lifted from whatever your busy lifestyle enslaved it to.

**OUR TRACKER DANIEL**

Daniel, a friend of mine, came along to film the hunt and hunt an impala and a warthog if the opportunity presented itself. Our tracker was also called Daniel. An elderly and respected fellow, he is not a man of many words. However, when he does speak, he really means it, so we took heed when he firmly warned us on the first morning: "*Maar ons moet mooi loop dié kant. Die beffol hulle es, en hulle es stout, daai beffol!*"

It was the beginning of June, and a cold front had just moved in unexpectedly over the golden-brownish bushveld. The first morning at sunrise, the mercury had dropped to -2 ºC. Daniel suggested we walk in the woodlands next to the Limpopo River. The air was clean and crisp as a jackal broke the silence close by next to the river. I watched Daniel scooping a handful of sand and testing the wind unpretentiously – we did not want those "*stout beffol*" to smell us. However, there was a story behind Daniel's immense respect for these animals!



Nico with his trophy sable bull after the conclusion of the hunt. The opportunity to hunt such a regal antelope doesn't come along frequently.

Daniel is small in stature, and when I saw with how much patience he cautiously moved through the bush, I immediately realised he was a fine tracker. Soon, we spotted a solitary sable bull through the bushes. As we were studying him, he stared at us and snorted. He was mature but had very narrow horns. Hundreds of sables roamed this large farm, and we had seven days to find a suitable bull. In the hunting field, you are always faced with the decision whether to take an animal once you see it or come back for it later. In my experience, always take the opportunity because there may not be a second chance. The bull snorted once more, turned around and disappeared into the sweet thorns. Slowly, we continued walking, zigzagging to and from the river; we had about 12 km of Limpopo River frontage available for hunting. However, once we reached the other side, we still had to walk back again to fetch the bakkie. »



Daniel, the tracker, checking the wind direction.



Accommodation was comfortable, consisting of chalets nestled in the bushveld.

» Given his stealthy, silent approach, Daniel would only use gestures to imitate the horns of a particular animal every time he spotted something. His imitation of an impala ram or a "*beffol*" bull still eludes me. We saw impala, eland, wildebeest, blesbuck, warthog and several other antelope species. There was life everywhere; we even stumbled upon a python basking in the sun, trying to regain energy after the cold morning.

## FOLLOWING SABLE SPOOR

We came across quite a few sable bulls. The idea was to harvest a solitary bull or one in a bachelor herd. Late morning, we spotted a big bull from a distance. He had all the features I was looking for and carried long horns forming a complete curve and opening on top. However, he disappeared quickly, and we pursued him for a while but eventually lost him as all the grass and dry turf made tracking very difficult. He certainly was special, but the sudden excitement dissipated as it dawned on me that I may not see him again. Later, we spotted two more bulls. One must have been close to 47"-48", but his horns did not have the same curve as the bull I had seen earlier. He was still impressive, nonetheless.

We then came to a few hundred metres of thick thorn scrub. Struggling through it, we noticed signs of bachelor buffalo bulls everywhere… Armed



Waterpoints were good for looking for sable tracks.



Two beautiful sable bulls locking horns.

with only the .30-06, different scenarios played out in my head, should we accidentally provoke one!

### THE WONDERS OF AND THREATS TO NATURE

Every now and then, we reached a vlei that was connected to the river and still had a lot of water after the heavy rains earlier that year. In each vlei, we caught a glimpse of crocodile. While enjoying a snack on the bank of one of these vleis, we watched a crocodile keeping a lookout about 10 m away. A water thick-knee stood on the bank close to the croc and called to him. This clever bird lays her eggs near the crocodile's eggs, and if an intruder approaches, she'll call to the croc, who will then come and save their eggs. In this instance, we were the intruders, and she made this clear to the crocodile. What a strange yet wonderful symbiotic relationship. As I watched the croc, I thought of one of our tracker Daniel's fellow farmworkers caught by one of these reptiles while trying to save his dog a few years ago.

Unfortunately, we also found a few snares set by the local people from across the border. Some of these snares hadn't been checked for months, so you can imagine how many animals were lost. Next, we bumped into a bachelor herd of impala and decided to pursue them so that Daniel could take one. Silently and slowly, we stalked them, glassing them at every opportunity. There was one big ram, but we didn't manage to get a shot at him. Suddenly, a warthog boar ran off to our right. Daniel quickly signalled for us to pursue him. It appeared as if something was twisted around his head. Despite losing him, we continued walking slowly in the direction he was heading. Within a few minutes, I spotted the pig feeding in the thorn scrub. I rested against a sweet-thorn trunk, and as he lifted his head, I saw the wire that was wound across his face. Instinctively, I took the shot.

Approaching the warthog boar, we were astonished. The poor pig must have been caught in a snare a while back. The wire had cut into his head and skull, and the skin around his jaw had grown completely closed around the wire and healed. By the look of it, he must have walked with this snare for about a year or two. This revolting, sad sight once again reminded me of the importance of placing a monetary value on wild animals and utilising them in a responsible, sustainable manner. Hunting plays a crucial part in this and in our duty as custodians of our wildlife.

> As the crosshair steadily found the bull's vitals, I slowly squeezed the trigger. He only went 50 m before expiring.

### SABLE, A BIG OLD BOAR AND A HISSING SURPRISE

The rest of the day, we bumped several good, shootable sable bulls. Unfortunately, it was not exactly what I was looking for, especially after seeing that big bull earlier on. And so, an eventful day in the Bushveld drew to an end. Arriving in camp just after sunset, we were welcomed by a cosy campfire warming up the chilly air. To our surprise, two African wildcat kittens were curled up next to the fire. The air was filled with all kinds of night sounds. Sitting there, tired but content, my thoughts wandered to the early African big-game hunting days of the nineteenth century. Every so often, we are blessed to experience a fleeting glimpse of those untamed moments. Filled with gratitude, we retired for the day in anticipation of what the next day might hold.

The following day at sunrise, we were already in the veld. The air was crisp and cold again, filled with the calls of crested francolin and guinea-fowl. To walk silently was almost impossible – as far as we walked, the birds announced our presence. This time, we decided to head to a sandveld area. We soon spotted many species ranging from gemsbuck, impala, eland, giraffe, wildebeest, sable and warthog to red hartebeest. I was also keen to hunt a red hartebeest. We found several herds but left the breeding groups and followed a few bulls in a bachelor herd. We stalked them for a while, but they never allowed me a clear shot. Shortly after, we bumped into a huge warthog boar in tall grass. He must have been close to 14" but was already running when we spot- »

» ted him and disappeared in the long grass as we tried to follow him. I love hunting warthog, but I guess in this case the familiar Afrikaans saying, *"Elke dag is jagdag, maar nie elke dag is slagdag nie"* applied.

Late morning, while walking back to the bakkie a few kilometres off, my thoughts again drifted, and I paid scant attention to my surroundings. Then, as I put my right foot down, the unmistakable hiss of a puff adder rudely interrupted my daydreaming. A few seconds later, I found myself metres away from the reptile! Standing there, I wondered how on earth I managed to leap like that. Those who have had a similar experience will know exactly what I am talking about.

### SWEET SUCCESS AT LAST

The third morning, we returned to the area where we had seen the lone bull on the first day. My rational thoughts kept on telling me he could be anywhere. However, given our circumstances, this would be the best place to start searching for him. Our only option was to slowly walk through the area, trying to spot him. Because of the grass and dry turf, tracking wasn't really an alternative.

After a while, a black form moving in dense thorn bush drew our attention. Stalking closer, I caught a glimpse of the horns – it was him! He was watching us, snorting, from the safe cover of the thickets that concealed his vitals. I could not take the shot. Quietly, we knelt behind some cover, waiting for him to move into an opening. But instead, he walked off, keeping some bush between us. Carefully, we moved closer, concentrating on every step to prevent any noise or sudden movements that would spook him.

But the cunning bull outsmarted us time and again. At times we were a mere 20 m away from him, where he stood completely hidden in some thickets, snorting at us. Then he would run off again for a few hundred metres, just to find another hiding place. Frustrated, we hastily followed him as not to lose sight of him again. This continued for the better part of two hours until we finally lost him.

While searching for the bull, we bumped into another one and tracked him for a while until I realised it wasn't our bull. We might have lost him for good this time but kept walking in the general direction we had last seen him running. A short while later, I saw a solitary bull in the distance. He was joining four other bulls in a bachelor herd in a clearing. It was him!

His behaviour had changed, though. He wasn't fleeing anymore but had a dominant, fighting posture as he smelled and circled the other bulls. Although it was easier to stalk him now, it still took us about half an hour to get into a good position for a possible shot.

He and another bull were standing broadside to us, facing each other in a spectacular display of dominance and pride, measuring each other's strength. This was the opportunity I had been waiting for. As the crosshair steadily found the bull's vitals, I very slowly squeezed the trigger. He only went 50 m before expiring.

Over the years, I've hunted many animals. And with each one I take, my respect for them grows. I'm not sure why. Maybe it is because one becomes more mature as a hunter, or perhaps you better understand your responsibility as a custodian of our wildlife. Or maybe it is their genuineness as animals. Harvesting a majestic animal with such striking beauty as a sable bull certainly adds to that. He was beautiful in every sense of the word, stretching the tape well into Rowland Ward's record book with beautifully curved horns that open at the top.

We carried on hunting for another few days, with Daniel also taking a warthog and an impala. Then we prepared some of the sable's brisket and ribs with oxtail and enjoyed a fantastic *potjie* on the banks of the Limpopo to conclude a very special hunt indeed.



Sunset over a tributary of the Limpopo River.


No. 1 Catering Equipment Supplier by Soft-Ice Catering Equipment.
Call us on (+27) 12 548 2745 or (+27) 71 564 4285 , Email: sales@cateringequipment.co.za
Visit our Showroom/Warehouse: 21 Escallonia Str, Montana, Pretoria, Gauteng
CHROMECATER
ChromeCater®
soft-ice catering equipment
All Prices are Inclusive of 15% VAT
Visit our Online Store: www.cateringequipment.co.za to view our full catalogue
VISIT OUR WEBSITE FOR MORE SPECIALS
Meat Mixers From R2 995
Meat Slicers From R4 895
Soap Dispensers From R229
Meat Mincers From R3 995
Patty Press From R1 695
Vacuum Sealer R1 549
Towel Dispensers From R399
Vacuum Packers From R13 495
Band Saws From R8 995
S/Steel Tables From R2 599
4pc-Stainless Steel Funnel Set R 395
Sausage Fillers From R2 349
Vacuum Bags From R 55
We also supply a wide range of Bakery, Deli, Fun Food and Catering Equipment


soft-ice catering equipment
ChromeCater
Rooibok Package:
Get This Great Deal:
•TK-12 Meat Mincer (150kg per hour)
•FME20 Meat Mixer (20L/Max 13kg Capacity)
•CV-3 Sausage Stuffer (3L Capacity)
•ET-2500 Vacuum Sealer (NOT for commercial use)
•A100 Patty Press (Patty size 100mm)
All This For Only:
Normal Price: R13,083.00 Incl. Vat
Special Price: R11,495.00 Incl. Vat
You Save: R1,588.00 Incl. Vat
012 548 2745
012 548 2136
sales@cateringequipment.co.za
https://www.cateringequipment.co.za


soft-ice catering equipment
ChromeCater
Kudu Package:
Get This Great Deal:
•TK-22 Meat Mincer (250kg per hour)
•FME20 Meat Mixer (20L/Max 13kg Capacity)
•CV-7 Sausage Stuffer (7L Capacity)
•A130 Patty Press (Patty size 130mm)
•DZ300A Vacuum Packer (Vacuum 2-3 Times per minute)
•J210 Band Saw (Thickness 5-155mm/Height 0-180mm)
All This For Only:
Normal Price: R40,524.00 Incl. Vat
Special Price: R36,495.00 Incl. Vat
You Save: R4,029.00 Incl. Vat
012 548 2745
012 548 2136
sales@cateringequipment.co.za
https://www.cateringequipment.co.za

# BEWERK JOU EIE VLEIS MAKLIK EN GOEDKOOP

